’n Ondersoek na die grondwetlikheid van artikel 63 van die Belastingadministrasiewet

M Mulder

12977330

Mini-skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad *Magister Commercii* in Suid-Afrikaanse en Internasionale Belasting aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Me A Storm

Oktober 2016

Dit begin alles hier ™

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT ®

VOORWOORD

Hiermee wil ek graag my dank betuig aan mev. Ansia Storm vir haar professionele leiding tydens die navorsing en afhandeling van hierdie studie.

'n Spesiale woord van dank gaan ook aan:

- my man, Connie Mulder, sonder wie se ondersteuning en spertye hierdie studie sekerlik nooit die lig sou sien nie;
- my geliefde ouers, Cules en Riané Slabbert, vir hulle ondersteuning en aanmoediging deur die jare;
- my broer en suster vir hulle hulp en bystand;
- my vriende en die res van my familie vir hulle begrip gedurende hierdie moeitevolle tyd;
- Deidre Duvenage vir die setwerk; en
- dr. Althéa Kotze vir noukeurige taalversorging.

OPSOMMING

Artikel 63 van die Wet op Belastingadministrasie (WBA) (28 van 2011) verleen aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) die mag van deursoeking en beslaglegging sonder ŉ lasbrief. Die primêre beginsel van bogenoemde artikel hou in dat ŉ senior SAID-amptenaar ŉ perseel op die volgende gronde sonder ŉ lasbrief kan deursoek: indien skriftelike toestemming ontvang is; indien die senior SAID-amptenaar op redelike gronde tevrede is dat daar ŉ dreigende verwydering of vernietiging van tersaaklike materiaal kan wees; dat ŉ lasbrief uitgereik sou word indien aansoek gedoen is, en dat die vertraging in die verkryging van die lasbrief die doel van die beslaglegging sal verydel.

Die konsep van ŉ deursoeking sonder ŉ lasbrief is ondersoek deur te verwys na regspraak, wetgewing, en akademiese skrywe. Die doelstellings van hierdie studie is:

1. om die omvang van die magte wat aan die SAID verleen word ingevolge artikel 63 van die WBA (28 van 2011) te analiseer;
2. om die vereistes vir geldige siviele en kriminele deursoekingslasbriewe vas te stel; en
3. te ondersoek of regspraak in verband met ander wette se deursoekingsklousules en beslagleggingsklousules moontlik op die WBA (28 van 2011) van toepassing kan wees, en
4. om te oorweeg of daar faktore is wat die grondwetlikheid van artikel 63 van die WBA (28 van 2011) negatief kan beïnvloed.

Die konsep “redelike gronde” is nie in die WBA (28 van 2011) omskryf nie, maar daar is bevind dat iemand redelike gronde het om iets te glo wanneer daar billike feite is waaruit ŉ redelike persoon met min of meer dieselfde agtergrondkennis tot dieselfde gevolgtrekking sou kom. Ten einde te bepaal of daar redelike gronde bestaan vir die deursoeking sonder ŉ lasbrief word daar van ŉ senior-SAID amptenaar verwag om geregtelike diskresie toe te pas sonder enige ingeboude oorsigmeganisme om te verhoed dat ŉ senior SAID-amptenaar sy gesag kan misbruik.

Die vereistes vir ŉ geldige lasbrief (siviel en krimineel) is ondersoek ingevolge die Strafproseswet (51 van 1977) en regspraak. Daar is bepaal dat die howe streng geldigheidsvereistes handhaaf vir lasbriewe juis omdat ŉ lasbrief inbreuk maak op ŉ persoon se reg tot privaatheid. Wanneer ŉ senior SAID-amptenaar tot die gevolgtrekking sou kom dat daar redelike gronde is om te glo dat die vereistes vir ŉ lasbrief nagekom word, is dit wel te

betwyfel of daardie vereistes ingevolge die WBA (28 van 2011) genoegsaam is om te verseker dat ŉ individu se reg op privaatheid op die minste indringende wyse geskend word.

Daar is verder bevind dat bepalings oor deursoeking en beslaglegging sonder ŉ lasbrief ook in ander wette voorkom. ŉ Vergelyking is getref tussen die vereiste soos vervat in die WBA (28 van 2011) en, onder andere, die Doeane- en Aksynswet (91 van 1964). Alhoewel daar oor die algemeen heelwat ooreenkomste is, is die WBA (28 van 2011) die enigste wet wat ŉ bepaling insluit dat ŉ woonhuis of ŉ woonperseel nie sonder die toestemming van die bewoner betree mag word nie – behalwe enige deel daarvan wat vir bedryfsdoeleindes gebruik word**.**

Hofuitsprake in die Orion Cold Storage [P Gaertner and Others v South African Revenue Service (SARS) and Others (2013)][1], en Auction Alliance [Estate Agency Affairs Board v Auction Alliance (Pty) Ltd (2014)][2] sake is geanaliseer. In die Orion Cold Storage-hofsaak is daar vasgestel dat sekere artikels van die Doeane- en Aksynswet (91 van 1964) ongrondwetlik is. Voorts is daar bevind dat sekere artikels van die Wet op Eiendomsagentskap-aangeleenthede (112 van 1976) en die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum (38 van 200) onregverdigbaar inbreuk maak op die reg tot privaatheid deur geteikende soektogte sonder ŉ lasbrief toe te laat en die artikels is ongeldig verklaar in die Auction Alliance-hofsaak (2014).

Die gevolgtrekking is gemaak dat die evaluering ten opsigte van die grondwetlikheid van artikel 63 van die WBA (28 van 2011) oor deursoeking en beslaglegging sonder ŉ lasbrief nie onweerlegbaar is nie.

SLEUTELTERME

Beslaglegging, Deursoeking, Geregtelike intervensie-magte, Grondwet, Grondwetlikheid, Lasbrief, Privaatheid, Redelike gronde, Tersaaklike materiaal, Wet op Belasting-administrasie.

[1] Voortaan word na die hofsaak verwys as die Orion Cold Storage-hofsaak.
[2] Verder in die studie word na die hofsaak verwys as die Auction Alliance-hofsaak.

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD ..... **I**

OPSOMMING ..... **II**

SLEUTELTERME ..... **III**

HOOFSTUK 1 ..... **1**

1. INLEIDING **1**

1.1 Agtergrondinligting in verband met die navorsingsveld **1**

1.2 Literatuuroorsig **4**

1.3 Relevansie van die navorsing **6**

2. PROBLEEMSTELLING **6**

3. DOELSTELLING **6**

3.1 Hoofdoelstelling **6**

3.2 Sekondêre doelstellings **7**

4. NAVORSINGSMETODOLOGIE **7**

5. RAAMWERK **8**

5.1 Hoofstuk 2 ..... **8**

5.2 Hoofstuk 3 ..... **8**

5.3 Hoofstuk 4 ..... **8**

5.4 Hoofstuk 5 ..... **9**

5.5 Hoofstuk 6 ..... **9**

HOOFSTUK 2 ..... **10**

1. INLEIDING **10**

2. ANALISE **10**

2.1 Senior SAID-amptenaar **11**

2.2 Bevoegdhede soos bedoel in artikel 61(3) **12**

2.3 Eienaar of persoon in beheer van die perseel **13**

2.4 Redelike gronde **13**

2.5 Tersaaklike materiaal 14

2.6 Uitreiking van ’n deursoekingslasbrief 14

2.7 Woonhuis of woonperseel 15

2.8 Bedryfsdoeleindes 16

3. INTERPRETASIE 16

4. GEVOLGTREKKING 19

HOOFSTUK 3 21

1. INLEIDING 21

2. STRAFPROSESREG 22

2.1 ’n Ondersoek na die vereistes vir die uitreiking van ’n visenteringslasbrief 22

2.1.1 Voorwerpe onderworpe aan beslaglegging 22

2.1.2 Voorwerp moet kragtens ’n visenteringslasbrief in beslag geneem word 23

2.2 WBA vereistes v Strafproseswet se vereistes vir ’n deursoekingslasbrief 26

2.3 Anton Piller-lasbrief 29

3. GEREGTELIKE INTERVENSIEMAGTE 30

4. GEVOLGTREKKING 32

HOOFSTUK 4 33

1. INLEIDING 33

2. REGSPRAAK IN DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS 34

2.1 Orion Cold Storage 34

2.2 Auction Alliance 35

3. ANDER SUID-AFRIKAANSE WETGEWING MET SOORTGELYKE DEURSOEKINGSKLOUSULES EN BESLAGLEGGINGKLOUSULES 36

3.1 Doeane- en Aksynswet (91 van 1964) 36

3.2 Wet op Eiendomsagentskap-aangeleenthede (112 van 1976) 38

3.3 Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum (38 van 2001) 43

4. GEVOLGTREKKING 49

HOOFSTUK 5 51

1. INLEIDING 51

2. DIE REG OP PRIVAATHEID 51

2.1 Algemene toepassing 51

2.2 Beperkings op die reg op privaatheid 52

3. ADMINISTRATIEFREG IN SUID-AFRIKA 53

4. ARGUMENTE VIR EN TEEN GRONDWETLIKHEID 55

5. GEVOLGTREKKING 56

HOOFSTUK 6 57

BRONNELYS 62

HOOFSTUK 1

1. INLEIDING

1.1 Agtergrondinligting in verband met die navorsingsveld

Die destydse Minister van Finansies, Trevor Manuel, het tydens sy 2005 begrotingsoorsig aangekondig dat ŉ projek onderweg was om alle belastingadministrasiewetgewing te kombineer in een enkele stuk wetgewing (Nasionale Tesourie, 2005:98). Hierdie wetgewing sou voorsiening maak vir al die generiese administrasiebepalings wat op daardie stadium gedupliseer was in verskeie belastingwette. Dit het aanleiding gegee tot die WBA (28 van 2011) wat van krag geword het vanaf 1 Oktober 2012, behalwe vir die uitsluitings soos gelys in die skedule tot die promulgasie (Staatskoerant, 2012:5).

Alhoewel die WBA baie aspekte van die administratiewe bepalings vervat en reguleer, word artikel 63 – wat verband hou met die Suid-Afrikaanse Inkomste Diens (SAID) – se magte by die deursoeking en beslaglegging sonder ŉ lasbrief hoofsaaklik bespreek en geanaliseer. Die doel is om vanuit ŉ analitiese oogpunt die grondwetlikheid van hierdie artikel vas te stel.

Artikel 63 van die WBA (28 van 2011) bepaal dat ŉ senior SAID-amptenaar die bevoegdhede – soos bedoel in artikel 61(3) – sonder ŉ lasbrief kan uitoefen indien die eienaar of persoon in beheer van die perseel skriftelik daartoe toestem, of indien die senior SAID-amptenaar op redelike gronde tevrede is dat:

- daar ŉ dreigende verwydering of vernietiging van tersaaklike materiaal kan wees wat waarskynlik op die perseel gevind sal word;
- indien die SAID aansoek doen vir ŉ visenteringslasbrief kragtens artikel 59 van die WBA (28 van 2011) ŉ visenteringslasbrief uitgereik sal word, en
- die vertraging in die verkryging van ŉ lasbrief die doel van die deursoeking en beslaglegging sal verydel.

Artikel 63 gee dus aan die SAID die mag om persele sonder ŉ lasbrief te deursoek (WBA, 28 van 2011). Die implikasie hiervan is dat die senior SAID-amptenaar nie by ŉ landdros of regter aansoek hoef te doen vir ŉ lasbrief nie.

"Deursoeking en beslaglegging" kan gedefinieer word as 'n proses wat deur die polisie of ander owerhede gebruik word waar daar vermoed word dat 'n misdaad gepleeg is deur sodanige persoon se eiendom te deursoek en enige relevante bewyse om die misdaad te bewys, te konfiskeer. Hierdie proses word gevolg in sowel siviele as kriminele regstelsels (Legal Dictionary, 2016).

Elke persoon het 'n reg op privaatheid soos vervat in artikel 14 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.[3] Hierdie reg op privaatheid kan slegs in baie beperkte omstandighede ingeperk word. Binne hierdie konteks is die volgende regspraak oorweeg: Die konstitusionele hof het op 14 November 2013 in die Orion Cold Storage-hofsaak (2013) bevestig dat artikels 4(4)(a)(i)-(ii), 4(4)(b), 4(5) en 4(6) van die Doeane- en Aksynswet (91 van 1964) ongrondwetlik is. Die artikels hou verband met die deursoek van 'n perseel sonder 'n lasbrief. In die Auction Alliance-hofsaak (2014) is daar ook bevindings gemaak oor soektogte sonder 'n lasbrief. Die konstitusionele hof het gevolglik tydens die Auction Alliance-hofsaak op 27 Februarie 2014 bevind dat die volgende artikels ongrondwetlik is:

- artikel 32A van die Wet op Eiendomsagentskap-aangeleenthede (112 van 1976), en
- artikel 45B van die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum (38 van 2001) (FICA).

Die konstitusionele hof het bevestig dat die bogenoemde artikels onregverdigbaar inbreuk maak op die reg tot privaatheid deur geteikende soektogte sonder 'n lasbrief toe te laat (Auction Alliance, 2014). Die tersaaklike hofsake laat opnuut die vraag ontstaan of daar soortgelyke gronde is waarop artikel 63 van die Wet op Belastingadministrasie (28 van 2011) (WBA)[4], ongrondwetlik verklaar kan word.

Die konsep "redelike gronde" word nie gedefinieer in die WBA (28 van 2011) nie, daarom bestaan daar onduidelikheid oor die presiese betekenis van die term. Die HAT (2005:915) definieer die byvoeglike naamwoord "redelik" in die tersaaklike konteks as "verstandelik", "met rede begaaf", "billik". Dus moet dit billik wees vir die senior SAID-amptenaar om tot die bostaande gevolgtrekkings te kom.

Volgens Mokoena, Karels, Basdeo en Swanepoel (2012:29) "kan dit gesê word":

[3] Hierna verwys na die Grondwet (1996).
[4] Voortaan sal daar na die wet as die WBA verwys word.

> ... dat ŉ persoon "redelike gronde" het om iets te glo of te vermoed, as sy geloof of vermoede gebaseer is op feite waaruit hy ŉ afleiding gemaak het, en as enige redelike persoon, in die lig van daardie feite, dieselfde afleiding sou gemaak het. Dit is ŉ feitelike vraag wat beantwoord sal moet word met verwysing na die feitelike omstandighede wat in elke saak aanwesig is.

ŉ Volledige bespreking van Mokoena et al. (2012) se bevindings sowel as regspraak in die verband, word in Hoofstuk 2 in meer besonderhede ontleed. Daar sal veral aandag gegee word aan die omvang van die magte, wat in die verband, aan die SAID toegeken word. Ooreenkomstig artikel 63 van die WBA (28 van 2011) mag ŉ SAID-amptenaar nie sonder die toestemming van die bewoner, ŉ woonhuis of ŉ woonperseel betree nie, behalwe enige deel daarvan wat vir bedryfsdoeleindes gebruik word. Dus word daar heelwat magte aan die senior SAID-amptenaar verleen om ŉ perseel sonder ŉ lasbrief te deursoek.

Croome (2011) het as belastingdirekteur by Edward Nathan Sonnenbergs reeds gewaarsku dat daar twyfel bestaan of artikel 63 aan die vereistes van die Grondwet voldoen. Hiervolgens kan die rede vir dié twyfel toegeskryf word aan die volgende twee faktore: Eerstens bestaan daar baie streng prosedures vir die uitreiking van ŉ lasbrief vir die deursoek en beslaglegging ingevolge die strafprosesreg. Tweedens maak die uitsprake van die konstitusionele hof in Minister for Safety and Security v GW van der Merwe and Others (2011) en Magajane v Chairperson: North West Gambling Board and Others (2006) ook reeds voorbrand vir hierdie kwessie. Die regter het bevind dat die bepalings van die North West Gambling Act, (2 van 2001) ongrondwetlik is omdat dit inspekteurs die mag gee om ongelisensieerde dobbelpersele sonder ŉ lasbrief te betree (Croome, 2011).

In teenstelling hiermee het advokaat Gilbert Marcus (senior advokaat) en advokaat Steven Budlender op 16 Augustus 2011 namens die SAID voor die parlement se finansieskomitee geargumenteer dat die wetsontwerp op belastingadministrasie wel aan die Grondwet voldoen. Hulle gaan van die standpunt uit dat die SAID net in baie spesifieke omstandighede ŉ deursoek en beslaglegging kan onderneem sonder ŉ lasbrief (Ensor, 2012).

Hierdie teenstrydige menings maak dit duidelik dat ŉ volledige ondersoek noodsaaklik is om te oorweeg of daar faktore bestaan wat moontlik die grondwetlikheid van artikel 63 van die WBA (28 van 2011) negatief kan beïnvloed al dan nie. Die navorsing wat onderneem word in hierdie skripsie is ŉ poging om hierdie doel te bereik.

1.2 Literatuuroorsig

Alle wetgewing in Suid-Afrika moet binne die raamwerk van die Grondwet (1996) geskied. Daar bestaan twyfel oor die grondwetlikheid van artikel 63 omdat dit moontlik inbreuk maak op die reg tot privaatheid. In die Handves van Regte (1996)[5] word die reg op privaatheid soos volg uiteengesit:

> Elkeen het die reg op privaatheid, waarby inbegrepe is die reg dat-
>
> (a) hul persoon of woning nie deursoek word nie;
> (b) hul eiendom nie deursoek word nie;
> (c) daar nie op hul besittings beslag gelê word nie; of
> (d) daar nie op die privaatheid van hul kommunikasie inbreuk gemaak word nie.

Daar moet wel in ag geneem word dat daar ingevolge artikel 36 van die Grondwet (1996) sekere beperkings op die regte van toepassing kan wees:

> (1) Die regte in die Handves (1996) kan slegs kragtens 'n algemeen geldende regsvoorskrif beperk word tot 'n mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid, met inagneming van alle tersaaklike faktore, met inbegrip van:
>
> (a) die aard van die reg;
> (b) die belangrikheid van die doel van die beperking;
> (c) die aard en omvang van die beperking;
> (d) die verband tussen die beperking en die doel daarvan; en
> (e) 'n minder beperkende wyse om die doel te bereik.
>
> (2) Behalwe soos in subartikel (1) of in enige ander bepaling van die Grondwet (1996), mag geen regsvoorskrif enige reg wat in die Handves (1996) verskans is, beperk nie.

Dit lyk of die beperking op regte nie van toepassing is op enige van die regte wat in die Handves vervat is nie. Die reg op privaatheid is wel vervat in die Handves (1996). 'n Volledige bespreking van die grondwetlikheidskwessies geskied in Hoofstuk 5.

[5] Hierna verwys as die Handves (1996).

Tot op hede is die grondwetlikheid van artikel 63 van die WBA (28 van 2011) nog nie in die howe getoets nie. Daar is wel ander regspraak oor wetgewing wat soortgelyke deursoek- en beslagleggingsklousules sonder ŉ lasbrief, bevat. Dié regspraak word volledig ontleed in Hoofstuk 4 om te kan evalueer of van die hofuitsprake moontlik op artikel 63 van die WBA (28 van 2011) van toepassing kan wees.

In verband met deursoeking sonder ŉ lasbrief kom Bovijn (2011:140) tot die slotsom dat daar groot ontevredenheid en kommer bestaan oor die nuwe bepalings van die belastingadministrasie-wetsontwerp wat betref deursoeking en beslaglegging sonder ŉ lasbrief. Tog blyk dit dat die SAID inderdaad ŉ behoefte het aan bepalings wat hulle magtig om deursoeking en beslaglegging sonder ŉ lasbrief uit te voer. Die feit dat hierdie bepaling aanbeveel word, kan ŉ aanduiding wees daarvan dat die huidige bepalings op deursoeking en beslaglegging ontoereikend is om aan die behoeftes van die SAID te voldoen.

Dit is egter ook duidelik dat die kritiek op die nuwe lasbrieflose bepalings waarskynlik te fel en wydlopig is indien die konteks waarin die SAID die bepalings wil uitvoer, so beperk is soos waarop hulle aanspraak maak. Die SAID voer aan dat die lasbrieflose bepalings slegs gebruik sal word om hulle op ernstige belastingontduikers toe te spits. Die belasting administrasie wetsontwerp verleen steeds breë magte, terwyl die kommentaar van die SAID dat hulle, hulle slegs sal toespits op ernstige belastingontduikers in baie beperkte omstandighede, nie wettig verpligtend is nie.

Bovijn (2011:140) stel dit ook onomwonde dat deursoeking en beslaglegging sonder ŉ lasbrief algemeen voorkom in ander wette, maar dat daar dikwels inhoudelik verskille is.

Bovijn (2011) se studie het slegs na deursoeking en beslaglegging sonder ŉ lasbrief as onderafdeling verwys. Voorts was die huidige WBA (28 van 2011) nog nie in 2011 van krag nie. In die genoemde studie is die wetgewing in wetsontwerpformaat ondersoek. Tog verskil die inhoud van artikel 63 nie van die finale bewoording wat gebruik is in die wetsontwerpformaat nie.

Sedert 2011 was daar heelwat verwikkelinge in die howe, naamlik die Orion Cold Food Storage-hofsaak (2013) en die Auction Alliance-hofsaak (2014), asook nog besprekings rakende die grondwetlikheid van artikel 63. Hierdie studie probeer dus om veral die invloed

van onlangse regspraak in ag te neem by die oorweging van faktore wat moontlik die grondwetlikheid van artikel 63 van die WBA (28 van 2011) negatief kan beïnvloed

1.3 Relevansie van die navorsing

Die deursoekings- en beslagleggingsartikel in die WBA (28 van 2011) is veelbesproke en het al baie kritiek oor die magte van die SAID ontlok. Die Orion Cold Food Storage-bevindings (2013) en Auction Alliance-bevindings (2014) in die konstitusionele hof oor ander wetgewing wat ook deursoekings- en beslagleggingsklousules bevat, laat opnuut die vraag ontstaan of dieselfde beginsels nie op die WBA (28 van 2011) van toepassing behoort te wees nie.

Die WBA (28 van 2011) het eers op 1 Oktober 2012 in werking getree. Deursoeking en beslaglegging sonder ŉ lasbrief is ŉ nuwe toevoeging van addisionele magte wat aan die SAID toegeken is (Staatskoerant, 2012:5). Daar was dus nog nie baie tyd vir howe om die grondwetlikheid van artikel 63 in sy huidige formaat te oorweeg nie.

2. PROBLEEMSTELLING

Gegewe onlangse verwikkelinge in die howe is dit moontlik ongrondwetlik vir die SAID om ingevolge artikel 63 van die WBA (28 van 2011) ŉ perseel sonder ŉ lasbrief te deursoek.

3. DOELSTELLING

Die studie het die volgende ten doel:

3.1 Hoofdoelstelling

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om te evalueer of daar ingevolge artikel 63 van die WBA (28 van 2011) faktore bestaan wat moontlik die grondwetlikheid van deursoeking en beslaglegging sonder ŉ lasbrief negatief kan beïnvloed al dan nie.

3.2 Sekondêre doelstellings

Die faktore wat moontlik die grondwetlikheid van artikel 63 kan beïnvloed sal geëvalueer word aan die hand van die volgende sekondêre doelstellings:

- Analiseer die presiese werking van artikel 63 en die omvang van die magte wat aan die SAID verleen word. Hierdie analise word in Hoofstuk 2 gedoen.
- Bepaal wat die vereistes is vir die uitreiking van ŉ visenteringslasbrief ingevolge die strafprosesreg. Hierdie bepalings word in Hoofstuk 3 uiteengesit en bespreek.
- Analiseer regspraak om te bepaal of uitsprake in verband met ander wette se deursoekings- en beslagleggingsklousules moontlik op die WBA (28 van 2011) van toepassing sal of kan wees. Die regspraak se analise word in Hoofstuk 4 gedoen.
- Bespreek die grondwetlikheid van artikel 63 binne die raamwerk van die Grondwet (1996). Spesifieke aandag word gegee aan die reg op privaatheid soos vervat in die Handves (1996). Voorts word daar oorweging geskenk aan die algemene beginsels van administratiefreg in Suid-Afrika. Die bespreking van die grondwetlikheid word in Hoofstuk 5 gedoen.

4. NAVORSINGSMETODOLOGIE

Hierdie studie is saamgestel deur ŉ nie-empiriese literatuurstudie te doen. Die literatuurstudie is uitgevoer deur ŉ kritiese analise van artikel 63 van die WBA (28 van 2011). Verder is daar verwys na regspraak (Orion Cold Storage en Auction Alliance) in die Suid-Afrikaanse belastingregkonteks om te bepaal of soortgelyke beginsels op die WBA (28 van 2011) van toepassing sal wees. ŉ Vergelykende literatuurstudie is onderneem om ooreenkomste en verskille te identifiseer tussen verskeie Suid-Afrikaanse wette wat deursoekings- en beslagleggingsklousules sonder ŉ lasbrief bevat.

ŉ Vergelykende regsliteratuurstudie val onder die leerstellinge of post-strukturele navorsingsmetodologie (McKerchar, 2008). Die studie het dus ten doel gehad om ŉ sistematiese uiteensetting te verskaf van artikel 63 van die WBA (28 van 2011). Die navorsing was teoreties van aard en het slegs gedokumenteerde waarhede in ag geneem, wat beteken dat daar dus verwys word na talle wette en regspraak in dié verband.

Die studie het geskied binne die raamwerk van die interpretatiewe paradigma. Navorsing is gerig daarop om ŉ beter begrip van die werking van artikel 63 van die WBA (28 van 2011) te verkry (De Vos, 2001:240). Die doel van hierdie studie was nie om ŉ enkele waarheid te bewys nie, maar eerder om ŉ breë begrip van ondersoeking en beslaglegging sonder ŉ lasbrief te verkry. ŉ Kritiese analise van artikel 63 is gedoen aan die hand van die doelstellings soos uiteengesit onder punt 3.

Die interpretatiewe paradigma vorm deel van die relativistiese siening (Coetzee, Van der Zwan, Schutte, 2014:28). Vir die doel van hierdie studie word kennis en epistemologie beskou as kompleks en multidimensioneel. Voorts het die studie verskeie instansies se interpretasies van artikel 63 van die WBA (28 van 2011) ondersoek om tot gepaste gevolgtrekkings te kom.

5. RAAMWERK

5.1 Hoofstuk 2

Die doel van Hoofstuk 2 is om ŉ analise van die werking van artikel 63 van die WBA (28 van 2011) te gee. Spesifieke aandag word aan die volgende aspekte verleen: die definisie van redelike gronde; die uitreiking van ŉ visenteringslasbrief, die betekenis van woonhuis en woonperseel en ŉ verklaring van bedryfsdoeleindes. Met hierdie analise word ŉ poging aangewend om die presiese omvang van die magte wat aan die SAID toegeken is te bepaal.

5.2 Hoofstuk 3

In hierdie hoofstuk word ondersoek ingestel na die vereistes vir die uitreiking van ŉ visenteringslasbrief ingevolge die strafprosesreg. Voorts word die vereistes vir die Anton Piller-lasbrief ook ontleed. Artikel 63 van die WBA (28 van 2011) gee in wese geregtelike intervensiemagte aan die senior SAID-amptenaar. Die gevolge en verantwoordelikhede wat hiermee gepaardgaan word in meer besonderhede ontleed.

5.3 Hoofstuk 4

ŉ Ondersoek is geloods na ander Suid-Afrikaanse wetgewing wat soortgelyke deursoekings- en beslagleggingsklousules bevat waar ŉ amptenaar ŉ perseel sonder ŉ lasbrief kan betree. In

die bespreking en in die konteks van die doelstelling van hierdie studie word spesifieke aandag aan die volgende wetgewing verleen:

- die Doeane- en Aksynswet (91 van 1964);
- die Wet op Eiendomsagentskap-aangeleenthede (112 van 1976), en
- die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum (38 van 2001).

Hierdie vergelykende studie beklemtoon die ooreenkomste en verskille in die onderskeie wette. Verder word die regspraak in die Suid-Afrikaanse belastingregkonteks krities geanaliseer. Daar word verwys na die Orion Cold Storage-hofsaak (2013) en die Auction Alliance-hofsaak (2014). Hierdie analise vorm die basis om te bepaal of regspraak in verband met ander wette ŉ moontlike impak op die grondwetlikheid van die WBA (28 van 2011) kan hê.

5.4 Hoofstuk 5

In hierdie hoofstuk word die grondwetlikheid van artikel 63 binne die raamwerk van die Grondwet (1996) bespreek. Spesifieke klem val op die reg op privaatheid, soos vervat in die Handves (1996). Voorts word daar ook oorweging geskenk aan die algemene beginsels van administratiefreg in Suid-Afrika. Akademici se argumente vir en teen die grondwetlikheid van artikel 63 word ook evalueer.

5.5 Hoofstuk 6

Ter afsluiting verwys Hoofstuk 6 opsommend na die navorsing wat voltooi is en dui aan wat die gevolgtrekkings is van die probleme geïdentifiseer deur die loop van die studie. Aanbevelings vir toekomstige navorsing word ook gemaak.

HOOFSTUK 2

1. INLEIDING

In artikel 63 van die WBA (28 van 2011) word verreikende magte aan ŉ senior SAID-amptenaar toegeken. Om ŉ beter begrip van die omvang van die magte te verkry, moet die inhoud van artikel 63 noukeurig geanaliseer word.

2. ANALISE

Artikel 63 van die WBA (28 van 2011) bepaal die volgende:

> **Deursoeking sonder ŉ lasbrief**
>
> (1) ŉ Senior SAID-amptenaar kan die bevoegdhede bedoel in artikel 61(3) sonder ŉ lasbrief uitoefen:
>
> (a) indien die eienaar of persoon in beheer van die perseel skriftelik daartoe toestem; of
> (b) indien die senior SAID-amptenaar op redelike gronde tevrede is dat:
>
> (i) daar ŉ dreigende verwydering of vernietiging van tersaaklike materiaal kan wees wat waarskynlik op die perseel gevind sal word;
> (ii) indien SAID aansoek doen vir ŉ deursoekingslasbrief kragtens artikel 59, ŉ deursoekingslasbrief uitgereik sal word; en
> (iii) die vertraging in verkryging van ŉ lasbrief die doel van die deursoeking en beslaglegging sal verydel.
>
> (2) ŉ SAID-amptenaar moet voor die uitvoering van die deursoeking, die eienaar of persoon in beheer van die perseel in kennis stel:
>
> (a) dat die deursoeking kragtens hierdie artikel plaasvind; en
> (b) van die beweerde versuim om ŉ verpligting kragtens ŉ belastingwet opgelê na te kom of belastingmisdryf wat die grondslag van die deursoeking is.

(3) Artikel 61(4) tot (8) is op ʼn deursoeking kragtens hierdie artikel uitgevoer van toepassing.
(4) ʼn SAID-amptenaar mag nie ingevolge hierdie artikel, sonder die toestemming van die bewoner, ʼn woonhuis of ʼn woonperseel betree nie, behalwe enige deel daarvan wat vir bedryfsdoeleindes gebruik word.

Vanuit die aanhef van artikel 63 is dit reeds duidelik dat dié artikel van toepassing is op deursoeking sonder ʼn lasbrief. Dit beteken dus dat die SAID die reg het om sekere plekke te deursoek in die afwesigheid van ʼn lasbrief. Daar is egter sekere vereistes waaraan voldoen moet word alvorens die SAID kan voortgaan met die deursoeking.

Die volgende kernbegrippe van artikel 63 van die WBA (28 van 2011) word ondersoek ten einde duidelikheid te verkry om hierdie artikel te kan interpreteer:

2.1 Senior SAID-amptenaar

In artikel 1 van die WBA (28 van 2011) word ʼn senior SAID-amptenaar gedefinieer as ʼn SAID-amptenaar, soos na verwys in artikel 6(3). Artikel 6(3) van die WBA (28 van 2011) bepaal dat die bevoegdhede en pligte wat deur ʼn senior SAID-amptenaar uitgeoefen moet word ingevolge hierdie Wet, uitgeoefen moet word deur:

(a) die Kommissaris;
(b) ʼn SAID-amptenaar wat spesifieke geskrewe magtiging van die kommissaris het om dit te doen; of
(c) ʼn SAID-amptenaar wat ʼn amp beklee deur die kommissaris vir hierdie doel aangewys.

Die kommissaris waarna hier verwys word, is die hoof van die SAID soos aangewys deur die Minister van Finansies volgens artikel 6 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (34 van 1997). ʼn SAID-amptenaar (of in ander woorde, ʼn werknemer van die SAID) moet spesifieke geskrewe magtiging van die kommissaris hê. Dit is dus duidelik dat die SAID-amptenaar spesifiek skriftelike toestemming moet hê om ʼn perseel sonder ʼn lasbrief te kan deursoek.

ʼn Persoon sal ook beskou word as ʼn senior SAID-amptenaar as hy deur die kommissaris vir die doel aangestel is. In hierdie geval sal die doel wees om deursoekings te doen sonder ʼn lasbrief (artikel 6 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, 34 van 1997).

PricewaterhouseCoopers[6] (2012:14) meen dat dit nie duidelik is hoe ŉ belastingbetaler sal weet of ŉ SAID-amptenaar aangestel is met die mandaat om deursoekings sonder ŉ lasbrief uit te voer nie. In die *SARS Short Guide to the Tax Administration Act* word dit in klousule 2.6.2 bevestig dat ŉ SAID-amptenaar geskrewe magtiging van die kommissaris moet ontvang, maar dit bevat nie nog inligting rakende ampsaanstellings deur die kommissaris om deursoekings sonder ŉ lasbrief uit te voer nie. Dit is dus onduidelik hoe die ampsaanstellings moet geskied en of verbale ampsaanstellings voldoende sal wees.

Die afleiding kan dus gemaak word dat slegs die volgende persone as ŉ "senior SAID-amptenaar" beskou sal word: die kommissaris self, ŉ SAID-werknemer met spesifieke skriftelike toestemming van die kommissaris om ŉ perseel sonder ŉ lasbrief te deursoek of ŉ SAID-werknemer wat deur die kommissaris aangestel is om persele te deursoek sonder ŉ lasbrief.

2.2 Bevoegdhede soos bedoel in artikel 61(3)

In artikel 61(3) van die WBA (28 van 2011) word die volgende bepaal:

> (3) Die SAID-amptenaar mag:
>
> (a) in die uitvoering van ŉ deursoeking, enigiets wat die amptenaar vermoed tersaaklike materiaal bevat, oopmaak of laat oopmaak of verwyder;
> (b) beslag lê op tersaaklike materiaal;
> (c) op ŉ rekenaar of stoormeganisme waarop tersaaklike materiaal gestoor word beslag lê en hou vir solank dit nodig is om ŉ afskrif van die verlangde materiaal te maak;
> (d) uittreksels of afdrukke maak van tersaaklike materiaal, en ŉ verduideliking van tersaaklike materiaal van ŉ persoon vereis; en
> (e) indien die perseel in die lasbrief gemeld ŉ vaartuig, vliegtuig of voertuig is, dit stop en aan boord van die vaartuig, vliegtuig of voertuig gaan, die vaartuig, vliegtuig of voertuig of ŉ persoon wat op die vaartuig, vliegtuig of voertuig is deursoek, en die persoon ondervra ten opsigte van ŉ aangeleentheid waarmee in ŉ belastingwet gehandel word.

[6] Hierna na verwys as PwC.

Indien daar aan die verdere vereistes van artikel 63 van die WBA (28 van 2011) voldoen word, word die bogenoemde magte aan die senior SAID-amptenaar toegeken, selfs al is die amptenaar nie in besit van ŉ lasbrief nie.

2.3 Eienaar of persoon in beheer van die perseel

Óf die eienaar óf die persoon in beheer van die perseel kan skriftelike toestemming verskaf vir ŉ deursoeking sonder ŉ lasbrief ingevolge artikel 63 van die WBA (28 van 2011). Die eienaar of persoon in beheer van die perseel word nie spesifiek in die WBA (28 van 2011) gedefinieer nie. Derhalwe moet die algemene betekenis van die terme ondersoek word. Die HAT (2015:206) definieer "eienaar" as "persoon, liggaam aan wie iets behoort, wat iets as eiendom besit". Die eienaar van die perseel sal dus die persoon wees aan wie die perseel behoort. Voorts definieer die WAT (2015) "eienaar" as "persoon of liggaam aan wie iets behoort, wat iets as sy eiendom besit, wat die eiendomsreg op iets het (juridies)". Hierdie juridiese definisie verwys baie spesifiek na eiendomsreg; dus kan die afleiding gemaak word dat huureiendom uitgesluit is by die hierdie omskrywing.

As alternatief kan die persoon in beheer van die perseel ook skriftelike toestemming aan die SAID verleen om die perseel te deursoek. "Beheer" word in die HAT (2015:76) gedefinieer as "administreer, sorg dra vir, bestuur". In hierdie geval beteken dit dat die persoon wat die perseel bestuur ook skriftelike toestemming aan die SAID kan verleen om die perseel te deursoek. ŉ Persoon in beheer van huureiendom sal weer onder hierdie deel van die omskrywing wel toestemming kan verleen aan die SAID om die perseel te deursoek. ŉ Perseel sluit volgens artikel 1 van die WBA (28 van 2011) ŉ gebou, vliegtuig, voertuig, vaartuig of plek in. ŉ Perseel word dus baie wyd gedefinieer en kan bykans enige plek insluit.

2.4 Redelike gronde

Die konsep "redelike gronde" word nie gedefinieer in die WBA (28 van 2011) nie en daarom is daar onduidelikheid oor die presiese betekenis van die term. Die HAT (2015:915) definieer "redelik" as "verstandelik, met rede begaaf, billik". Dit moet dus billik of redelik wees vir die SAID-amptenaar om tot die bostaande gevolgtrekkings te kom.

Mokoena et al. (2012:29) stel dit dat die woord "gronde" soos dit in hierdie konteks gebruik word, verwys na "feite". Dit beteken dat daar slegs gronde vir ŉ bepaalde vermoede of geloof sal wees indien die vermoede of geloof versoenbaar is met die feite. Die bestaan al dan nie

van ’n feit word objektief bepaal. Dit beteken dat die feite beoordeel moet word soos dit werklik is en nie soos iemand “dink dit is” nie.

Mokoena et al. (2012:29) motiveer sy mening in meer besonderhede deur te sê dat dit:

> ... gesê (kan) word dat ’n persoon “redelike gronde” het om iets te glo of te vermoed, as sy geloof of vermoede gebaseer is op feite waaruit hy ’n afleiding gemaak het, en as enige redelike persoon, in die lig van daardie feite, dieselfde afleiding sou gemaak het. Dit is ’n feitelike vraag wat beantwoord sal moet word met verwysing na die feitelike omstandighede wat in elke saak aanwesig is. Iemand het dus redelike gronde om iets te glo as daar billike feite is, waaruit ’n redelike persoon, dit wil sê iemand met min of meer dieselfde agtergrondkennis, tot dieselfde gevolgtrekking sou kom.

2.5 Tersaaklike materiaal

Die begrip “tersaaklike materiaal” is duidelik gedefinieer in die WBA (28 van 2011) as “enige inligting, dokument of goed wat voorsienbaar tersaaklik is vir die oorweging van ’n belastingrisiko, of die aanslag van belasting, of die invordering van belasting, wat op die nienakoming van ’n verpligting kragtens ’n belastingwet dui of daarop dui dat ’n belastingmisdryf gepleeg is”. Vanuit dié definisie kan enige inligting wat moontlik kan dui op die nienakoming van ’n verpligting kragtens ’n belastingwet, of wat daarop dui dat ’n belastingmisdryf gepleeg is, beskou word as tersaaklike inligting. Die feit dat die inligting net voorsienbaar tersaaklik hoef te wees, het tot gevolg dat daar baie vryheid aan die SAID verleen word om te bepaal wat tersaaklike materiaal kan wees al dan nie.

2.6 Uitreiking van ’n deursoekingslasbrief

Kragtens artikel 59 van die WBA (28 van 2011) moet die volgende prosedure gevolg word by die aansoek om ’n deursoekingslasbrief:

> (1) ’n Senior SAID-amptenaar kan, indien nodig of van pas vir die administrasie van ’n belastingwet ’n aansoek vir ’n lasbrief magtig waarkragtens SAID ’n perseel mag betree waar tersaaklike materiaal gehou word ten einde die perseel te deursoek en enige persoon teenwoordig op die perseel te deursoek en op tersaaklike materiaal beslag te lê.

(2) SAID moet *ex parte* by ŉ regter aansoek doen vir die lasbrief, welke aansoek ondersteun moet word deur inligting onder eed of plegtige verklaring verskaf, wat die feite waarop die aansoek gebaseer word vasstel.

(3) Ondanks subartikel (2), kan die SAID by ŉ landdros aansoek doen vir die lasbrief bedoel in subartikel (1) en op die wyse bedoel in subartikel (2) indien die aangeleentheid met ŉ oudit of ondersoek verband hou waar die geraamde belasting in geskil nie die bedrag bepaal in die kennisgewing kragtens artikel 109(1)(a), oorskry nie.

Die limiet waarna verwys word in artikel109(1)(a) van die WBA (28 van 2011) is tans R500,000.00 – soos bepaal deur Goewermentskennisgewing (Staatskoerant, 2007:3). Vanaf 1 Mei 2007 beloop die bedrag R500,000.00. Dit is aanvanklik onder die Inkomstebelastingwet (58 van 1962) aangekondig, maar artikel 269 van die WBA (28 van 2011) maak daarvoor voorsiening dat die Goewermentskennisgewing steeds van krag is. Dus kan gevalle waar die moontlike belasting misdryf nie R500,000.00 oorskry nie by ŉ landdros aansoek doen om ŉ deursoekingslasbrief.

Vir bedrae wat die limiet oorskry, moet ŉ regter die deursoekingslasbrief uitreik. Hierdie bepaling gee in werklikheid geregtelike intervensiemagte aan die senior SAID-amptenaar. Die gevolge en verantwoordelikhede wat hiermee gepaardgaan word in meer besonderhede in Hoofstuk 3 ontleed.

2.7 Woonhuis of woonperseel

ŉ Woonhuis of ŉ woonperseel is nie spesifiek in die WBA (28 van 2011) omskryf nie en daar moet dus na die algemene betekenis van die terme verwys word. ŉ Woonhuis of ŉ woonperseel is doodgewoon ŉ plek waar ŉ persoon bly of woon. Die HAT (2015:1401) definieer "woonhuis" as "huis as woning ingerig, waarin mense woon".

In regsterme word die Latynse term "domisilie" gebruik vir woonplek wat soos volg gedefinieer word: "Plek of land waar ŉ persoon vir die uitoefening van sy regte en die vervulling van sy pligte geag word om te woon; **wettige woonplek**[7], verblyfplek; setel". (WAT, 2015).

[7] Die beklemtoning is my eie.

Volgens die Regs- en Handelstermewoordeboek (2015) word "domisilie" gedefinieer as: "(domicile) 1. Land waarin ŉ persoon permanent woon. ~ van keuse (domicile of choice). ~ van oorsprong. (domicile of origin). ~ uit noodsaak (domicile of necessity). 2. (In geval van ŉ regspersoon) hoofkantoor, setel". Voorts word daar ook soms in regsterme na die volgende Latynse frase verwys: domicilium citandi et executandi gedefinieer as: "L. Plek van dagvaarding en eksekusie".

In artikel 63 van die WBA (28 van 2011) word daar bepaal dat ŉ SAID-amptenaar nie sonder die toestemming van die bewoner ŉ woonhuis of ŉ woonperseel mag betree nie, behalwe enige deel daarvan wat vir bedryfsdoeleindes gebruik word. Vanuit bogenoemde definisies is dit duidelik dat ŉ SAID-amptenaar, nie sonder toestemming, die wettige woonplek van die individu mag betree nie.

2.8 Bedryfsdoeleindes

ŉ Bedryf word in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet (58 van 1962) soos volg gedefinieer: "bedryf – ook elke professie, handelsaak, besigheid, diens, beroep, vak of onderneming, met inbegrip van die verhuur van goed en die gebruik of die verleen van toestemming tot die gebruik van ŉ patent ... of ŉ model ... of ŉ handelsmerk, of ŉ outeursreg ... of van enige ander goed wat van dergelike aard is". Hierdie omskrywing is baie ruim gestel, wat kan lei tot die interpretasie dat ŉ SAID-amptenaar ŉ woonhuis of woonperseel of enige deel daarvan wat vir bedryfsdoeleindes gebruik word, mag betree.

3. INTERPRETASIE

Deel 1 van artikel 63 van die WBA (28 van 2011) bepaal dat daar beperkte omstandighede is waartydens ŉ deursoeking sonder ŉ lasbrief kan plaasvind. Voorts bepaal artikel 63 dat ŉ senior SAID-amptenaar die volgende bevoegdhede kan uitvoer tydens ŉ deursoeking sonder ŉ lasbrief [artikel 61(3)] soos na verwys in artikel 63 van die WBA (28 van 2011):

(a) in die uitvoering van ŉ deursoeking, enigiets wat die amptenaar vermoed tersaaklike materiaal (enige inligting wat moontlik kan dui op ŉ belastingmisdryf) bevat, oopmaak of laat oopmaak of verwyder;
(b) beslag lê op tersaaklike materiaal;

(c) op ʼn rekenaar of stoormeganisme waarop tersaaklike materiaal gestoor word beslag lê en hou vir solank dit nodig is om ʼn afskrif van die verlangde materiaal te maak;
(d) uittreksels of afdrukke maak van tersaaklike materiaal, en ʼn verduideliking van tersaaklike materiaal van ʼn persoon vereis; en
(e) indien die perseel in die lasbrief gemeld ʼn vaartuig, vliegtuig of voertuig is, dit stop en aan boord die vaartuig, vliegtuig of voertuig gaan, die vaartuig, vliegtuig of voertuig of ʼn persoon wat op die vaartuig, vliegtuig of voertuig is deursoek, en die persoon ondervra ten opsigte van ʼn aangeleentheid waarmee in ʼn belastingwet gehandel word.

Deel 1 bepaal verder dat daar slegs twee gevalle is waartydens ʼn deursoeking sonder ʼn lasbrief kan plaasvind: a) met skriftelike toestemming van die eienaar of persoon in beheer van die perseel, **of**[8] b) as die senior SAID-amptenaar tevrede is dat daar redelike gronde is om ʼn paar dinge te aanvaar. As daar skriftelike toestemming van die eienaar of persoon in beheer van die perseel verkry word, behoort dit nie inbreuk te maak op dié persoon se reg tot privaatheid nie omdat daar uitdruklik daartoe ingestem is. Dit is die tweede opsie (b) waar die besluit deur ʼn amptenaar geneem kan word of daar redelike gronde bestaan al dan nie, wat moontlik problematies mag wees as dit kom by ʼn beoordeling van die grondwetlikheid van artikel 63 van die WBA (28 van 2011).

Voordat ʼn senior SAID-amptenaar kan besluit om ʼn perseel te deursoek sonder ʼn lasbrief, moet hy op redelike gronde tevrede wees dat daar aan ʼn verdere drie vereistes voldoen word en al drie die vereistes moet nagekom word (Artikel 63(1)(b)(i) tot (iii) van die WBA, 28 van 2011). Die senior SAID-amptenaar moet, gebaseer op feite, die afleiding maak dat ʼn redelike mens tevrede sou wees daarmee dat:

1. daar ʼn dreigende verwydering of vernietiging van tersaaklike materiaal kan wees wat waarskynlik op die perseel gevind sal word;
2. sou die SAID aansoek doen vir ʼn deursoekingslasbrief kragtens artikel 59, ʼn deursoekingslasbrief uitgereik sal word. Aansoek om ʼn deursoekingslasbrief moet oor die algemeen deur ʼn regter goedgekeur word en moet ondersteun word deur inligting onder eed of plegtige verklaring afgelê. As uitsondering kan die SAID by ʼn landdros aansoek doen vir die lasbrief as die aangeleentheid met ʼn oudit of ondersoek verband hou waar die geraamde belasting in geskil, nie R500,000.00 oorskry nie. PwC

[8] Die beklemtoning is my eie.

(2012:35) is van mening dat die minimum vereistes vir wettige lasbriewe deur die konstitusionele hof (Minister for Safety and Security v GW van der Merwe and Others, 2011) bepaal word, en dat die vereistes, soos uiteengesit in die WBA (28 van 2011), nie voldoende is nie. Die moontlikheid bestaan dus dat, vir ŉ lasbrief om wettig te wees, daar aan die uitgebreide vereistes van die howe voldoen sal moet word. Dit kan ŉ moontlike impak hê op die senior SAID-amptenaar se oordeel dat ŉ deursoekingslasbrief uitgereik sou word (PwC, 2012:35); en

3. laastens moet die senior SAID-amptenaar tevrede wees dat die vertraging in verkryging van ŉ lasbrief die doel van die deursoeking en beslaglegging sal verydel.

Slegs as daar aan al drie die bogenoemde vereistes voldoen word, kan die senior SAID-amptenaar voortgaan met die deursoeking sonder ŉ lasbrief.

Die tweede deel [a63(2)(a) en (b)] van artikel 63 bevat ŉ veiligheidsmaatreël wat bepaal dat ŉ SAID-amptenaar die eienaar of persoon in beheer van die perseel voor die uitvoering van die deursoeking in kennis moet stel dat die deursoeking kragtens artikel 63 van die WBA (28 van 2011) plaasvind. Die amptenaar moet ook die eienaar of persoon in beheer van die perseel in kennis stel van die beweerde versuim om ŉ verpligting kragtens ŉ belastingwet opgelê na te kom, of wat die belastingmisdryf is wat die grondslag van die deursoeking is.

Die derde deel van artikel 63 bepaal dat artikel 61(4) tot (8) op ŉ deursoeking kragtens hierdie artikel uitgevoer van toepassing is. Die volgende besonderhede is in die artikels vervat:

(4) Die SAID-amptenaar moet ŉ inventaris opstel van die tersaaklike materiaal op beslag gelê, in die vorm, op die wyse en binne die tyd wat redelik is onder die omstandighede, en ŉ afskrif daarvan aan die persoon verskaf.

(5) Die SAID-amptenaar moet die deursoeking met streng inagneming van ordentlikheid en orde uitoefen, en kan ŉ persoon deursoek mits die amptenaar van dieselfde geslag is as die persoon wat deursoek word.

(6) Die SAID-amptenaar kan te enige tyd sodanige bystand wat die amptenaar redelikerwys nodig ag, van ŉ polisiebeampte versoek en die polisiebeampte moet die bystand verleen.

(7) Geen persoon mag ŉ SAID-amptenaar of ŉ polisiebeampte verhinder om die lasbrief uit te voer of sonder redelike verskoning weier om die bystand te verleen wat redelikerwys benodig word in die uitvoering van die lasbrief nie.

(8) Indien die SAID-amptenaar op tersaaklike materiaal beslag lê, moet die amptenaar verseker dat die tersaaklike materiaal waarop beslag gelê is, behou en bewaar word totdat dit nie langer benodig word nie vir: a) die ondersoek na die nienakoming of die misdryf kragtens artikel 60(1)(a) beskryf; of b) die afhandeling van enige regsgedinge kragtens 'n belastingwet of strafregtelike stappe waarin dit benodig word.

In deel 4 van artikel 63 word daar bepaal dat 'n SAID-amptenaar nie sonder die toestemming van die bewoner 'n woonhuis of 'n woonperseel mag betree nie, behalwe enige deel daarvan wat vir bedryfsdoeleindes (dus besigheidsdoeleindes) gebruik word.

Noudat die meganiese werking van die artikel in besonderhede ontleed is, kan daar herbesin word oor die artikel as 'n geheel. Artikel 63 van die WBA (28 van 2011) is 'n nuwe bepaling. Die SAID het nog nie vantevore die mag gehad om sonder 'n lasbrief op te tree nie.

PwC (2012:36) meen dat die grootste tekortkoming van die artikel die feit is dat daar geen ingeboude hersiening meganisme in die WBA (28 van 2011) is nie. Dus is daar niks in die WBA (28 van 2011) wat bepaal dat, sou die senior SAID-amptenaar sy mag misbruik, daar stappe of aksies teen die persoon ingestel kan word nie. Dit blyk dus of die belastingbetaler se regte nie voldoende beskerming geniet nie. Die enigste oplossing is 'n moontlike hersiening in die hooggeregshof onder die Bevordering van Administratiewe Geregtigheidswet (3 van 2000). Hierdie aksie is onbekostigbaar vir die meeste belastingbetalers (PwC, 2012:36).

4. GEVOLGTREKKING

Die artikel gee nuwe en verreikende magte aan die SAID om deursoekings in sekere omstandighede sonder 'n lasbrief te kan uitvoer. Ingevolge die artikel is 'n senior SAID-amptenaar daartoe in staat om te bepaal of daar redelike gronde is om te glo dat:

(i) daar 'n dreigende verwydering of vernietiging van tersaaklike materiaal kan wees;
(ii) indien die SAID aansoek doen vir 'n deursoekingslasbrief dit uitgereik sal word, en

(iii) dat die vertraging in verkryging van ŉ lasbrief die doel van die deursoeking en beslaglegging sal verydel.

Daar is ŉ paar veiligheidsmaatreëls in artikel 63:

(2) ŉ SAID-amptenaar moet voor die uitvoering van die deursoeking, die eienaar of persoon in beheer van die perseel in kennis stel:

(a) dat die deursoeking kragtens artikel 63 van die WBA (28 van 2011) plaasvind; en

(b) van die beweerde versuim om ŉ verpligting kragtens ŉ belastingwet opgelê na te kom of wat die belastingmisdryf is wat die grondslag van die deursoeking is.

(3) ŉ SAID-amptenaar mag nie sonder die toestemming van die bewoner ŉ woonhuis of ŉ woonperseel betree nie, behalwe daardie deel wat vir bedryfsdoeleindes, gebruik word.

Dit wil tog voorkom of die balans tussen die SAID se magte aan die een kant en die beskerming van die belastingbetaler se regte aan die ander kant, in die SAID se guns kantel.

HOOFSTUK 3

1. INLEIDING

Een van die vereistes vervat in artikel 63 van die WBA (28 van 2011) is dat die senior SAID-amptenaar op redelike gronde tevrede moet wees dat ŉ deursoekingslasbrief uitgereik sou word, kragtens artikel 59 van die WBA (28 van 2011). Inherent moet daar dus bepaal word of daar aan die vereistes van ŉ deursoekingslasbrief voldoen sou word alvorens ŉ deursoeking sonder ŉ lasbrief kan geskied.

Afgesien van die deursoekingslasbrief soos vervat in artikel 59 van die WBA (28 van 2011), is daar ook ander maniere om lasbriewe vir deursoekings te bekom. Ingevolge die strafprosesreg moet die uitreiking van ŉ deursoekings- of visenteringslasbrief aan sekere vereistes voldoen (Strafproseswet, 51 van 1977). As alternatief kan ŉ siviele deursoekingslasbrief, ook bekend as ŉ Anton Piller-lasbrief, bekom word. Dit geskied buite die gesag van die Strafproseswet (51 van 1977) (Du Toit, De Jager, Paizes, Quintin Skeen, Van der Merwe, 2014:30F).

Die uitreiking van ŉ kriminele deursoekings- of visenteringslasbrief of ŉ siviele deursoekings- of visenteringslasbrief (Anton Piller-lasbrief) moet aan sekere vereistes voldoen en duidelikheid moet verkry word oor die presiese geldigheidsvereistes. Dit sal bereik word deur na die toepaslike artikels in die Strafproseswet (51 van 1977) sowel as na regspraak te verwys. Die beginsels sal deurgaans deurgetrek word na die vereistes soos vervat in die WBA (28 van 2011) om ŉ vergelyking te kan tref.

Soos reeds in Hoofstuk 2 bepaal, verleen artikel 63 van die WBA (28 van 2011) geregtelike intervensiemagte aan ŉ senior SAID-amptenaar. Die gevolge en verantwoordelikhede wat hiermee gepaardgaan moet noukeurig evalueer word.

2. STRAFPROSESREG

2.1 ’n Ondersoek na die vereistes vir die uitreiking van ’n visenteringslasbrief

Hoofstuk 2 van die Strafproseswet (51 van 1977) handel primêr oor visentering- of deursoekingslasbriewe, betreding van persele, beslaglegging op, verbeurdverklaring van en beskikking oor goed wat met misdrywe verband hou.

Regspraak het die volgende beklemtoon: lasbriewe wat ingevolge artikel 21 van die Strafproseswet (51 van 1977) uitgereik is, is belangrike instrumente wat ontwerp is om die polisie te help om hul grondwetlike mandaat van, onder andere, die voorkoming, die stryd teen, en die ondersoek van misdaad effektief uit te voer (Minister for Safety & Security v Van der Merwe & Others, 2011). Nel (2013:26) meen dat ’n lasbrief ook ’n manier in die strafproses is waardeur die individu teen staatsmag beskerm word: “Die vereiste van ’n lasbrief verseker dat die polisie nie private huise en eiendomme vir geen spesifieke rede binneval of, nog erger, terroriseer nie. Die lasbrief verseker verder dat die staat, meer spesifiek, die staat se indringing op die individu se privaatheid, geregverdig optree”.

Vervolgens sal ondersoek ingestel word om duidelikheid te verkry oor die presiese geldigheidsvereistes waaraan lasbriewe ingevolge die Strafproseswet (51 van 1977) moet voldoen.

2.1.1 Voorwerpe onderworpe aan beslaglegging

Artikel 20 van die Strafproseswet (51 van 1977) bepaal dat die staat[9] op enigiets[10] beslag kan lê:

> (a) wat betrokke is by of op redelike gronde vermoed word betrokke te wees by die pleging of vermeende pleging van ’n misdryf, hetsy binne die Republiek of elders;
> (b) wat tot bewys kan strek van die pleging of vermeende pleging van ’n misdryf, hetsy binne die Republiek of elders; of
> (c) wat bestem is of op redelike gronde vermoed word bestem te wees om by die pleging van ’n misdryf gebruik te word.

[9] Die staat sluit polisiebeamptes in.
[10] In hierdie hoofstuk ’n voorwerp genoem.

Hierdie voorwerpe onderworpe aan beslaglegging ingevolge die Strafproseswet (51 van 1977) kan nou met die voorwerpe vergelyk word wat volgens artikel 63 van die WBA (28 van 2011) op beslag gelê kan word. Die WBA definieer tersaaklike materiaal as "enige inligting, dokument of goed wat voorsienbaar tersaaklik is vir die oorweging van 'n belastingrisiko, of die aanslag van belasting, of die invordering van belasting, wat op die nienakoming van 'n verpligting kragtens 'n belastingwet dui of daarop dui dat 'n belastingmisdryf gepleeg is".

Uit die voorgenoemde definisies blyk dit dat beslag gelê kan word op bykans enige voorwerpe of materiaal wat op die een of ander wyse by 'n misdryf betrokke is, of vermoed word betrokke te kan wees. Die vernaamste verskil is dat die WBA (28 van 2011) die misdryf beperk tot belastingaangeleenthede, maar in albei gevalle word daar baie vryheid aan die SAID-amptenare of die staat verleen om te bepaal wat redelike gronde of vermoedens kan wees al dan nie.

2.1.2 Voorwerp moet kragtens 'n visenteringslasbrief in beslag geneem word

Artikel 20 moet saam met artikel 21 van die Strafproseswet (51 van 1977) gelees word. Volgens artikel 21 kan beslag gelê word op 'n artikel 20-bedoelde voorwerp slegs uit hoofde van 'n uitgereikte visenteringslasbrief:

> (1) (a) deur 'n landdros of vrederegter, indien dit aan daardie landdros of vrederegter uit inligting onder eed blyk dat redelike gronde bestaan om te dink dat so 'n voorwerp in die besit of onder die beheer van of aan 'n persoon óf op óf by 'n perseel binne sy regsgebied is; of
>
> (b) deur 'n regter of regterlike amptenaar wat by strafregtelike verrigtinge voorsit, indien dit aan so 'n regter of regterlike amptenaar blyk dat so 'n voorwerp in die besit of onder die beheer van 'n persoon óf op óf by 'n perseel as getuienis by bedoelde verrigtinge nodig is.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die tydstip van die aansoek om die lasbrief verskil; die aansoek is óf voor die verhoor óf tydens die verhoor. In albei gevalle behoort die deursoekings of beslagleggings uit hoofde van 'n lasbrief te geskied. Voorts vereis dit dat 'n regterlike beampte die visenteringslasbrief moet uitreik. Die feit dat 'n regterlike beampte die visenteringslasbrief moet uitreik, is deur wetgewing bepaal om te verseker dat 'n onafhanklike

regterlike beampte tussen die polisiebeampte en die burger staan en behoort te verhoed dat daar onnodig op die regte van die individu inbreuk gemaak word (Park-Ross v Director: Office for Serious Economic Offences, 1995).

'n Landdros wat oor die uitreiking van 'n visenteringslasbrief moet besluit, oefen 'n regterlike diskresie uit om die aard en omvang van die lasbrief te reguleer. Na hierdie oorweging kan die lasbrief uitgereik word. Die taak vereis dat die lasbrief verfyn moet word om te verseker dat dit nie meer indringend is as wat absoluut noodsaaklik is nie. Die lasbrief moet ook gespesifiseerd genoeg wees sodat dit duidelikheid oor die uitvoering daarvan verskaf (Van der Merwe & Others v Additional Magistrate, Cape Town & Others, 2010). Die diskresie van die landdros moet redelik, reëlmatig en ooreenkomstig die reg uitgeoefen word met inagneming van alle tersaaklike faktore en wesenlike feite (Joubert, Geldenhuys, Swanepoel, Terblanche, Van der Merwe, 2011:138).

Waar 'n hof moet uitspraak lewer oor die geldigheid van 'n lasbrief, moet die inligting beoordeel word wat die landdros tot sy beskikking gehad het. Eerstens moet daar bepaal word of die lasbrief genoegsame duidelikheid verskaf het oor die tipe misdryf wat gepleeg of vermoedelik gepleeg is, en tweedens dat die lasbrief niks meer toegelaat het as wat regtens vereis word nie (Van der Merwe & Others v Additional Magistrate, Cape Town & Others, 2010).

Ingevolge subartikel (2) van artikel 21 van die Strafproseswet (51 van 1977)

> ... moet 'n visenteringslasbrief ingevolge subartikel (1) uitgereik, 'n polisiebeampte aansê om op die betrokke voorwerp beslag te lê en moet so 'n polisiebeampte magtig om 'n persoon te visenteer wat in die lasbrief geïdentifiseer word, of om die geïdentifiseerde perseel (soos in die lasbrief gemeld) te betree en te deursoek en om enige persoon op of by daardie perseel gevind, te visenteer.

Hieruit kan dus afgelei word dat 'n geïdentifiseerde polisiebeampte aangesê moet word om die lasbrief uit te voer. Elkeen van die voorwerpe hoef nie in besonderhede beskryf te word nie. Die tipes of klasse voorwerpe kan geïdentifiseer word solank daar redelike en duidelike beskrywings in dié verband gegee word (Cine Films (Pty) Ltd v Commissioner of Polic*e*, 1972).

Subartikel (3) van artikel 21 van die Strafproseswet (51 van 1977) bepaal dat (a) ŉ visenteringslasbrief gedurende die dag uitgevoer moet word, tensy die persoon wat die lasbrief uitreik die uitvoering daarvan gedurende die nag skriftelik magtig, en (b) ŉ visenteringslasbrief op enige dag uitgereik kan word en van krag bly totdat dit uitgevoer is of ingetrek word deur die persoon wat dit uitgereik het of, indien daardie persoon nie beskikbaar is nie, deur iemand met dergelike gesag. Artikel 63 van die WBA (28 van 2011) bevat nie sulke detailbepalings oor spesifiek wanneer ŉ deursoeking sonder ŉ lasbrief uitgevoer kan word nie. Dit blyk teoreties moontlik te wees vir ŉ senior SAID-amptenaar om ŉ deursoeking sonder ŉ lasbrief gedurende die nag uit te voer mits daar redelike gronde is om te vermoed dat daar ŉ dreigende verwydering of vernietiging van tersaaklike materiaal kan wees, en indien daar vir ŉ lasbrief aansoek gedoen word, dit toegestaan sou word en laastens dat die vertraging in die verkryging van die lasbrief die doel van die deursoeking sal verydel.

Ingevolge subartikel (4) "moet ŉ polisiebeampte wat ŉ lasbrief ingevolge hierdie artikel of artikel 25 uitvoer, na sodanige uitvoering, op versoek van iemand wie se regte geraak is ten opsigte van ŉ deursoeking of voorwerp waarop beslag gelê is ingevolge die lasbrief, ŉ afskrif van die lasbrief aan hom oorhandig." Siende dat artikel 63 van die WBA (28 van 2011) deursoeking sonder ŉ lasbrief magtig, sal daar geen soortgelyke bepaling in artikel 63 wees nie. Regspraak sal nou geëvalueer moet word om te bepaal wat die howe beskou as ŉ geldige lasbrief. In Minister of Safety and Security v Van der Merwe (2011) het die konstitusionele hof die inhoud van die duidelikheidsbeginsel soos volg opgesom:

> ŉ Geldige lasbrief bevat die volgende inligting in ŉ redelike verstaanbare wyse:
>
> (a) dit meld die wetsbepaling waarvolgens dit toegestaan is:
> (b) identifiseer die inspekteur;
> (c) verskaf duidelikheid oor die omvang van die magte van die inspekteur;
> (d) beskryf die persoon, perseel of houer wat deursoek moet word;
> (e) beskryf die voorwerp waarvoor gesoek en op beslag gelê moet word, in genoegsame duidelikheid; en
> (f) spesifiseer die oortreding wat aanleiding gegee het tot ŉ kriminele ondersoek en verskaf die naam van die verdagte.

Die volgende addisionele riglyne moet deur die hof in ag geneem word ter beoordeling van die geldigheid van ŉ lasbrief:

a) die persoon wat die lasbrief uitreik, moet die nodige gesag en jurisdiksie hê;
b) die persoon wat die lasbrief goedkeur, moet tevrede wees dat die beëdigde verklaring wat onder eed afgelê is genoegsame inligting bevat oor die juridiese feite;
c) die bepalings van die lasbrief moet nie te onduidelik of uitgebreid wees nie;
d) die lasbrief moet redelik verstaanbaar wees vir die deursoeker sowel as vir die deursoekte;
e) die hof moet ten alle tye die geldigheid van die lasbrief oorweeg met noulettende inagneming van die deursoekte se grondwetlike regte;
f) die bepalings van die lasbrief moet billik, maar nougeset uitgelê wees.

Dit blyk dat die howe baie streng vereistes handhaaf wanneer die geldigheid van ŉ lasbrief oorweeg word. Met hierdie streng vereistes ingedagte word vervolgens diepte-oorweging geskenk aan die vereistes van die WBA (28 van 2011) in hierdie verband.

2.2 WBA vereistes v Strafproseswet se vereistes vir ŉ deursoekingslasbrief

Dit is duidelik uit die voorafgaande analise dat daar heelwat vereistes is waaraan ŉ lasbrief wat uitgereik word ingevolge die Strafproseswet (51 van 1977) moet voldoen.

ŉ Lasbrief wat die visentering of die deursoeking van persone of persele en beslaglegging op persone se privaat eiendom deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens magtig, is strydig met ŉ persoon se fundamentele regte soos vervat in die Grondwet (1996). Hierdie fundamentele regte sluit vryheid en sekerheid van die persoon en elkeen se reg op privaatheid in [artikel 12 en 14 van die Grondwet (1996)]. Ingevolge artikel 36 van die Grondwet (1996) kan die regte deur ŉ redelike en regverdigbare algemeen geldende regsvoorskrif beperk word.

Die Strafproseswet is die redelike en regverdigbare algemeen geldende regsvoorskrif wat die fundamentele regte kan beperk (Nel, 2013:25). Die geldigheidsvereistes vir die uitreik van ŉ lasbrief ingevolge die Strafproseswet (51 van 1977) is reeds bepreek. Voorts sal die WBA (28 van 2011) se bepaling dat ŉ deursoeking sonder ŉ lasbrief kan geskied indien daar redelike gronde is om te vermoed dat daar ŉ dreigende verwydering of vernietiging van tersaaklike materiaal kan wees wat waarskynlik op die perseel gevind sal word, indien die SAID **aansoek doen vir ŉ deursoekingslasbrief, ŉ deursoekingslasbrief uitgereik sou word**, en die vertraging in verkryging van ŉ lasbrief die doel van die deursoeking en

beslaglegging sal verydel. Voorts moet die geldigheidsvereistes vir die uitreiking van ŉ lasbrief ingevolge die WBA (28 van 2011) oorweeg word.

Soos bespreek in Hoofstuk 2, vervat die WBA (28 van 2011) kragtens artikel 59 die volgende bepaling:

> (1) ŉ Senior SAID-amptenaar kan, indien nodig of van pas vir die administrasie van ŉ belastingwet ŉ aansoek vir ŉ lasbrief magtig waarkragtens SAID ŉ perseel mag betree waar tersaaklike materiaal gehou word ten einde die perseel te deursoek en enige persoon teenwoordig op die perseel te deursoek en op tersaaklike materiaal beslag te lê.
>
> (2) SAID moet *ex parte* by ŉ regter aansoek doen vir die lasbrief, welke aansoek ondersteun moet word deur inligting onder eed of plegtige verklaring verskaf, wat die feite waarop die aansoek gebaseer word, vasstel.
> (3) Ondanks subartikel (2), kan die SAID by ŉ landdros aansoek doen vir die lasbrief bedoel in subartikel (1) en op die wyse bedoel in subartikel (2) indien die aangeleentheid met ŉ oudit of ondersoek verband hou waar die geraamde belasting in geskil nie die bedrag bepaal in die kennisgewing kragtens artikel 109(1)(a), oorskry nie.

Die bogenoemde prosedure moet gevolg word by die aansoek om ŉ deursoekingslasbrief. Verder bepaal artikel 63 van die WBA (28 van 2011) dat die senior SAID-amptenaar voor die uitvoering van die deursoeking, die eienaar of persoon in beheer van die perseel in kennis moet stel:

> (a) dat die deursoeking kragtens hierdie artikel plaasvind; en
> (b) van die beweerde versuim om ŉ verpligting kragtens ŉ belastingwet opgelê na te kom of belastingmisdryf wat die grondslag van die deursoeking is.

Voorts bepaal artikel 60 dat:

> (1) ŉ Regter of landdros kan die lasbrief bedoel in artikel 59(1) uitreik indien tevrede dat daar redelike gronde bestaan om te glo dat –
>
> (a) ŉ persoon versuim het om ŉ verpligting kragtens ŉ belastingwet opgelê, na te kom, of ŉ belastingmisdryf gepleeg het; en

(b) tersaaklike materiaal wat waarskynlik op die perseel in die aansoek vermeld, gevind kan word, bewys kan lewer van die nienakoming of pleeg van die misdryf.

(2) ’n Lasbrief kragtens subartikel (1) uitgereik, moet die volgende bevat:

(a) die beweerde nienakoming of misdryf wat die grondslag van die aansoek vorm;
(b) die persoon wat na bewering versuim het om te voldoen of die misdryf gepleeg het;
(c) die perseel wat deursoek gaan word; en
(d) die feit dat tersaaklike materiaal soos in artikel 1 omskryf waarskynlik op die perseel gevind kan word.

(3) Die lasbrief moet uitgevoer word binne 45 besigheidsdae of die verdere tydperk wat ’n regter of landdros nodig ag by die aanvoer van goeie redes.

Die volgende minimum vereistes, soos in die Strafproseswet (51 van 1977) vervat, word nie deur die WBA (28 van 2011) vereis nie:

(a) Identifisering van die polisiebeampte wat die deursoeking moet uitvoer.
(b) Spesifisering van die voorwerp waarvoor die deursoeking en moontlike beslaglegging is; in genoegsame besonderhede.
(c) Geen vereiste vir die terme van die lasbrief om nie te vaag of oorbodig te wees nie.
(d) Geen aanduiding dat die lasbrief vir beide die deursoekte en die deursoeker verstaanbaar en duidelik moet wees nie.
(e) Die terme van die lasbrief moet redelik streng wees.
(f) Die hof moet altyd die deursoekte persoon se grondwetlike regte in gedagte hou.

Daar is dus ’n risiko dat ’n hof ’n deursoekingslasbrief, uitgereik ingevolge die WBA (28 van 2011), ongeldig kan verklaar as dit nie ook aan die addisionele vereistes van die Strafproseswet (51 van 1977) voldoen nie. Die hoofrede hiervoor is reeds bespreek in paragraaf 2.1, waar Nel (2013) se argument oor die individu se privaatregte aangehaal is.

2.3 Anton Piller-lasbrief

ŉ Anton Piller-lasbrief is ŉ siviele visenteringslasbrief wat uitgereik kan word deur ŉ hofbevel wat ŉ aansoeker of sy verteenwoordigers die reg gee om ŉ perseel te deursoek en op voorwerpe beslag te lê sonder vooraf waarskuwing (Anton Piller KG v Manufacturing Processes Limited: 1975). ŉ Anton Piller-bevel word gebruik in siviele eise om getuienis te verkry en te bewaar ten einde die aansoeker in staat te stel om later substantiewe regshulp te verkry. Soms is dit nodig vir ŉ persoon om op die wyse inligting of bewysstukke te bekom wat andersins vernietig sou word (Van Velden-Duffey, 2015).

Die vereistes vir die verlening van ŉ Anton Piller-bevel is neergelê deur Corbett, HR, in Shoba v Officer Commanding, Temporary Police Camp, Wagendrift Dam 1995 (4) SA 1 (A). Op p. 15G-J van hierdie dokument word die drie vereistes soos volg uiteengesit:

> (1) That he, the applicant, has a cause of action against the respondent which he intends to pursue;
> (2) that the respondent has in his possession specific (and specified) documents or things which constitute vital evidence in substantiation of applicant's cause of action (but in respect of which applicant cannot claim a real or personal right); and
> (3) that there is a real and well-founded apprehension that this evidence may be hidden or destroyed or in some manner be spirited away by the time the case comes to trial or to the stage of discovery.

Uit bogenoemde blyk dit dat daar baie streng vereistes is vir die uitreik van ŉ privaat deursoekingslasbrief, ook bekend as ŉ Anton Piller-bevel. Dit word slegs deur ŉ hofbevel uitgereik as daar genoegsame bewyse is dat daar ŉ besonder sterk saak teen die teenparty is. Die gevolge vir die aansoeker moet baie ernstig wees en daar moet deurslaggewende bewyse wees dat die ander party waarskynlik getuienis besit wat, sou hulle vooraf kennis van die deursoeking gehad het, waarskynlik vernietig sal word.

Hierdie vereistes vir die uitreiking van ŉ Anton Piller-bevel kan nou met die vereistes vir die uitreik van ŉ lasbrief in die WBA (28 van 2011) vergelyk word. Ingevolge die WBA moet daar redelike gronde wees om te glo dat ŉ verpligting ingevolge ŉ belastingwet opgelê, nie nagekom is nie of dat ŉ belastingmisdryf gepleeg is en dat tersaaklike materiaal wat waarskynlik op die perseel gevind kan word, bewys kan lewer van die nienakoming of pleeg

van die misdryf (Artikel 60(1) van die WBA, 28 van 2011). Dus hoef daar nie noodwendig ŉ saak teen die persoon aanhangig te wees nie, maar daar moet volgens die WBA rede wees om te glo dat ŉ verpligting nie-nagekom is nie, of ŉ belastingmisdryf gepleeg is. In albei gevalle is dit ŉ vereiste dat daar waarskynlik tersaaklike materiaal / bewyse op die perseel moet wees wat bewys sal lewer van die misdryf. Artikel 63(1)(b)(i) bepaal dat die senior SAID-amptenaar op redelike gronde tevrede moet wees dat daar ŉ dreigende verwydering of vernietiging van die tersaaklike materiaal wat waarskynlik op die perseel gevind kan word moet wees (WBA, 28 van 2011). Daar is dus in albei gevalle die vereiste dat daar ŉ dreigende verwydering of vernietiging van kernbewyse kan wees.

Van Velden-Duffey (2015) meen:

> Dit is duidelik uit ons regspraak dat die Anton Piller-bevel met die uiterste sorg uitgevoer moet word, ten einde te verseker dat elkeen se grondwetlike reg op privaatheid nie geskend word nie. Die bevel sal ook slegs in buitengewone omstandighede toegestaan word en spesifiek eers as die hof tevrede is dat daar waarskynlik ŉ goeie eis is wat afdwingbaar sal wees indien dit bewys word en dat die ander party waarskynlik in besit is van getuienis wat van wesenlike belang is vir die eis om te slaag. Die hof moet verder van oordeel wees dat hierdie belangrike getuienis vernietig of verwyder sal word indien ŉ Anton Piller-bevel nie toegestaan word nie.

Die afleiding kan gemaak word dat in die geval van ŉ Anton Piller-lasbrief daar steeds ŉ regterlike beampte is wat die uitreiking van die lasbrief moet toestaan. Hieruit kan ook afgelei word dat ŉ Anton Piller-bevel slegs in uitsonderlike omstandighede toegestaan word deur ŉ regterlike beampte juis om te voorkom dat daar onnodiglik inbreuk op privaatheid gemaak word.

3. GEREGTELIKE INTERVENSIEMAGTE

By die uitvoering van ŉ deursoeking sonder ŉ lasbrief moet ŉ senior SAID-amptenaar op redelike gronde tevrede wees dat, onder andere, sou die SAID aansoek doen vir ŉ deursoekingslasbrief kragtens artikel 59 van die WBA (28 van 2011), ŉ deursoekingslasbrief uitgereik sou word. Daar word dus van die senior SAID-amptenaar verwag om geregtelike

intervensiemagte uit te voer. Die amptenaar moet uiteindelik die besluit neem om die verantwoordelikheid te aanvaar wat gewoonlik van ŉ regterlike beampte verwag word.

Volgens die Regs- en Handelsterme-woordeboek (2015) word ŉ landdros soos volg gedefinieer: "landdros (magistrate) Regterlike amptenaar wat in laer howe voorsit en beslissings gee, maar gewoonlik ook administratiewe funksies vervul". In artikel 1 van die Strafproseswet (51 van 1977) word ŉ landdros gedefinieer as "ook ŉ addisionele landdros en ŉ assistentlanddros, maar nie ŉ streeklanddros nie". Voorts word ŉ vredesbeampte soos volg gedefinieer: "ook ŉ landdros, vrederegter, polisiebeampte, korrektiewe beampte soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1959 (Wet 8 van 1959), en, met betrekking tot ŉ gebied, misdryf, kategorie misdrywe of bevoegdheid wat in ŉ ingevolge artikel 334 (1) uitgereikte kennisgewing genoem word, iemand wat ŉ vredesbeampte ingevolge daardie artikel is".

Die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling (2016) beskryf die rol van ŉ landdros soos volg:

> ŉ Landdros beoordeel kriminele en siviele sake in die hof. Hulle het die mag om vry te spreek, skuldig te bevind en kan die beskuldigde vonnis indien skuldig bevind aan ŉ oortreding begaan of om uitsprake te lewer in siviele sake. Landdroste is deur die Minister van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling aangestel op die aanbevelings van die Landdrostekommissie. Ten einde te kwalifiseer as ŉ landdros word ŉ LLB-graad as ŉ minimum vereis.

Dié vereiste maak dit duidelik waarom die verantwoordelikheid wat aan ŉ landdros, oftewel regterlike amptenaar of beampte toegeskryf word, ŉ regskwalifikasie vir die beroep vereis en regverdig.

Die pligte van ŉ senior SAID-amptenaar kan deur een van die volgende persone uitgeoefen word:

> (1) die Kommissaris;
> (2) ŉ SAID-amptenaar wat spesifieke geskrewe magtiging van die kommissaris het om dit te doen; of
> (3) ŉ SAID-amptenaar wat ŉ amp beklee deur die kommissaris vir hierdie doel aangewys (Artikel 6(3) van die WBA, 28 van 2011).

Uit hierdie beskrywing is dit nie duidelik of ŉ senior SAID-amptenaar sekere kwalifikasies moet hê voordat die kommissaris aan ŉ persoon skriftelike magtiging verleen of voordat die ampsaanstelling geskied nie. Dit maak dit dus moeilik om te bepaal of ŉ senior SAID-amptenaar genoegsame ondervinding sal hê en oor die gepaste opleiding sal beskik om die pligte wat van hom verwag word te kan uitvoer.

Wanneer ŉ regterlike beampte moet besluit of daar redelike gronde vir ŉ deursoeking bestaan, oefen die beampte ŉ diskresie uit soortgelyk aan die diskresie wat hy byvoorbeeld by die verlening van borgtog, die uitstel van ŉ verhoor, en die oplegging van vonnis uitoefen. (Joubert et al., 2011:138). Dit beteken dat die regterlike beampte sy diskresie redelik, reëlmatig en ooreenkomstig die reg moet uitoefen met inagneming van al die wesenlike feite (Ismael v Durban City Council, 1973). Vandaar behoort ŉ regterlike beampte die nodige opleiding en ervaring te hê om in staat te wees om die geregtelike diskresie met verantwoordelikheid uit te voer. Ingevolge artikel 59 van die WBA (28 van 2011) moet ŉ senior SAID-amptenaar gevolglik op ŉ soortgelyke wyse met inagneming van al die wesenlike feite geregtelike diskresie redelik, reëlmatig en ooreenkomstig die reg uitoefen. Hierdie gewigtige besluit word gewoonlik deur ŉ regterlike amptenaar uitgevoer. Dit laat vrae ontstaan of die geregtelike intervensiemagte wat aan die senior SAID-amptenaar toegestaan word, op ŉ verantwoordelik wyse uitgevoer sal word.

4. GEVOLGTREKKING

Uit die voorafgaande studie is dit duidelik dat daar baie streng vereistes bestaan vir die uitreik van ŉ visenteringslasbrief ingevolge die Strafproseswet (51 van 1977). Daar bestaan ook streng vereistes vir die uitreiking van ŉ privaat deursoekingslasbrief onder ŉ sogenaamde Anton Piller-bevel. In albei gevalle is daar altyd ŉ regterlike beampte wat onafhanklik van die ondersoek tussen die ondersoeker en die burger staan. Hierdie regterlike beampte behoort te verhoed dat daar onnodig op die regte van die individu inbreuk gemaak word.

HOOFSTUK 4

1. INLEIDING

Alle wetgewing in Suid-Afrika moet binne die raamwerk van die Grondwet (1996) geskied. Hierdie beginsel word vervat in artikel 2 van die Grondwet (1996) wat die oppergesag van die Grondwet (1996) beklemtoon. Die Grondwet (1996) verskans die regte van alle mense in die land [artikel 7(1)] waarby ingesluit is die reg op privaatheid (artikel 14). In artikel 63 van die WBA (28 van 2011) word deursoekings toegelaat sonder ŉ lasbrief wat oënskynlik hierdie reg op privaatheid verontagsaam. Dit is binne hierdie konteks wat alle ander wetgewing in Suid-Afrika, insluitend die WBA (28 van 2011) oorweeg moet word.

In Suid-Afrikaanse wetgewing is die WBA (28 van 2011) nie die enigste wet wat ŉ klousule bevat wat deursoeking en beslaglegging sonder ŉ lasbrief magtig nie. Bevindings deur die konstitusionele hof in die Orion Cold Storage-hofsaak (2013), dat artikels van die Doeane- en Aksynswet (91 van 1964) ongrondwetlik is, en verdere bevindings in die Auction Alliance-hofsaak (2014), dat geteikende soektogte sonder ŉ lasbrief ongrondwetlik is, laat vrae onstaan oor die grondwetlikheid van sekere artikels in ander Suid-Afrikaanse wetgewing wat deursoeking en beslaglegging sonder ŉ lasbrief toelaat. In die bespreking wat volg, sal die uitsprake in die voorgenoemde hofsake oorweeg word, waarna die spesifieke wette soos in die uitsprake vermeld verder ondersoek sal word.

Die wetgewing wat in hierdie hoofstuk na verwys gaan word, is:

1. die Doeane- en Aksynswet (91 van 1964);
2. die Wet op Eiendomsagentskap-aangeleenthede (112 van 1976), en
3. die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum (38 van 2001).

Die bogenoemde wetgewing se deursoekings en beslagleggingklousules sal vergelyk word met artikel 63 van die WBA (28 van 2011). Met sodanige vergelyking kan daar oorweeg word of die uitsprake van die konstitusionele hof moontlik van toepassing kan wees op die WBA (28 van 2011) al dan nie.

2. REGSPRAAK IN DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS

2.1 Orion Cold Storage

Orion Cold Storage is ŉ invoerder en verspreider van bevrore voedselprodukte op groot maat, met PLM Gaertner en RC Klemp as direkteure. Gedurende Mei 2012 het SAID-amptenare ingevolge artikel 4 van die Doeane- en Aksynswet (91 van 1964) Orion Cold Storage se perseel in Muizenberg en in Wynberg in die Wes-Kaap sonder ŉ lasbrief deursoek. Die SAID-amptenare het toegang tot Orion Cold Storage se perseel verkry deur aan die ontvangsdame te sê dat hulle daar is vir ŉ deursoeking van die gelisensieerde doeane-pakhuis. Die optrede is dus voorgehou as ŉ roetine-ondersoek. Eers nadat die toegang tot die perseel geblokkeer is, is Gaertner in kennis gestel dat die ondersoek in verband is met ŉ beweerde onderverklaring van doeanewaardes vir sekere ingevoerde goedere. Daar is op verskeie dokumente beslag gelê en die SAID-amptenare het nagelaat om ŉ inventaris van die materiaal waarop beslag gelê is, aan die belastingbetaler te oorhandig. Op 1 Junie 2012 is Gaertner se woonhuis ook deursoek ingevolge dieselfde artikel, weer sonder ŉ lasbrief (Gaertner and Others v Minister of Finance and Others, 2013).

Na aanleiding van die gebeure het Gaertner die hooggeregshof in Kaapstad genader waar hy aangevoer het dat sekere dele van dié Doeane- en Aksynswet (91 van 1964) ongrondwetlik is en dat sy reg tot privaatheid ingevolge die Grondwet (1996) geskend is. Regter J. Rogers het bevind dat daar nie genoegsame onderskeid is tussen roetine- en nieroetine-deursoekings en tussen aangewese en nie-aangewese persele nie. Voorts is daar ook nie genoegsame leiding aan amptenare oor hoe om ŉ deursoeking sonder ŉ lasbrief te hanteer nie. Daar is bevind dat artikels 4(4)(a)(i)-(ii), 4(4)(b), 4(5) en 4(6) ongeldig verklaar moet word aan die hand van die Handves soos vervat in die Grondwet (1996). Die hof het tot dié gevolgtrekking gekom deur die belastingbetaler se reg tot privaatheid te oorweeg. Daar is bepaal dat wanneer ŉ persoon besigheid doen en onder die jurisdiksie van die Doeane- en Aksynswet (91 van 1964) val, roetine-inspeksies inherent deel is van besigheid en word daar dus geen lasbrief vir die tipe inspeksies vereis nie. Dit is wel ŉ ander saak as die kommissaris besluit om ŉ nieroetine-inspeksie van ŉ perseel uit te voer. In hierdie geval het die hof bevind dat ŉ lasbrief, uitgereik deur ŉ geregtelike beampte, wél benodig word (Gaertner and Others v Minister of Finance and Others, 2013).

Die konstitusionele hof het op 14 November 2013 in die Orion Cold Storage-hofsaak (2013) die uitspraak van die hooggeregshof in die Kaap bekragtig. Dit is bevestig dat artikels 4(4)(a)(i)-(ii), 4(4)(b), 4(5) en 4(6) van die Doeane- en Aksynswet (91 van 1964) ongrondwetlik is. Dié hof het die bevinding na die Parlement verwys om dié wet te hersien. ʼn Tussentydse maatreël is ook ingestel wat SAID-beamptes verplig om te alle tye ʼn lasbrief te vertoon tydens deursoeking van persele.

SAICA (2014) se reaksie op die hofsaak is veelbetekend wat betref grondwetlike voorwaardes:

> The decision of the Constitutional Court is significant, not only in relation to the specific issue of the constitutionality of search and seizure in the context of the Customs and Excise Act, but for the court's general observations on the nature of and limitations to the right of privacy, in the business and in the domestic sphere. These dicta will carry great weight if the constitutionality of the search and seizure provisions of the Tax Administration Act, No. 28 of 2011 (the TAA) comes under scrutiny.

2.2 Auction Alliance

Mnr. Real Levitt, die stigter en voormalige uitvoerende hoof van Auction Alliance, was vroeg in 2012 die onderwerp van ʼn televisie-onthulling wat, indien juis, sou impliseer dat Auction Alliance betrokke was in aktiwiteite wat ʼn wye reeks oortredings ingevolge die WEA (112 van 1976) en die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum (38 van 200) sou insluit. Die inligting is aan die Raad gestuur, wat met ʼn ondersoek na die bewerings begin het. Die Raad het voorts inligting bekom wat beweer het dat Auction Alliance besig was om dokumentasie te vernietig. ʼn Dringende deursoeking van Auction Alliance se persele in Kaapstad, Johannesburg en Durban is beplan. Ingevolge die magte aan hulle verleen volgens artikel 32A van die WEA (112 van 1976) en artikel 45B van die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum (38 van 2001) het die inspekteurs sonder waarskuwing of ʼn lasbrief opgedaag. Auction Alliance het die inspekteurs toegang geweier en ʼn hofsaak aanhangig gemaak (Auction Alliance, 2014).

Die hooggeregshof in Kaapstad het bevind dat al twee die artikels ongrondwetlik is omdat dit onregverdigbaar inbraak maak op die reg tot privaatheid van die belastingbetaler deur geteikende soektogte toe te laat sonder ʼn lasbrief. ʼn Geteikende soektog is gebaseer op ʼn

spesifieke vermoede dat ŉ oortreding begaan is. Die artikels is ongeldig verklaar met onmiddellike toepassing op artikel 32A van die WEA (112 van 1976), maar opgeskort vir 18 maande vir artikel 45B van die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum (38 van 2001). Daar is in artikel 45B ingelees dat ŉ landdros of ŉ regter die uitreiking van ŉ lasbrief moet goedkeur alvorens ŉ deursoeking ingevolge hierdie Wet kan plaasvind (Auction Alliance, 2013).

Die konstitusionele hof het bevind dat die artikels ongrondwetlik is en dus ongeldig verklaar moet word. Die grootste probleem was om duidelikheid te bekom oor die bestuur van die gevolge van die ongeldigheidsverklaring. Regter J. Cameron het in ŉ eenparige uitspraak bepaal dat die artikels wel onregverdigbaar inbraak maak op die reg tot privaatheid veral omdat daar in albei artikels betekenisvolle perke ontbreek ten opsigte van die tipe persele, die omvang van die soektogte en die wyse waarop die soektogte uitgevoer mag word. Die staat het daarin misluk om aan te toon dat ŉ minder beperkende wyse nie voldoende sou wees om hul doel te bereik nie. Gevolglik het die konstitusionele hof die verklaring van ongeldigheid bevestig en vooruitwerkend van toepassing gemaak. Beide artikels is opgeskort vir 24 maande om aan die Wetgewer geleentheid te bied om die wetgewing te korrigeer. As tussentydse maatreël is ŉ vereiste in albei artikels toegevoeg wat bepaal dat die deursoekings ingevolge die artikels slegs ingevolge ŉ lasbrief, uitgereik deur ŉ landdros of regter, kan plaasvind (Auction Alliance, 2014).

Die konstitusionele hof het op 27 Februarie 2014 bevind dat artikel 32A van die Wet op Eiendomsagentskap-aangeleenthede (112 van 1976) en artikel 45B van die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum (38 van 2001) (FICA) ongrondwetlik is. Die hof het bevestig dat die artikels onregverdigbaar inbreuk maak op die reg tot privaatheid deur geteikende soektogte sonder ŉ lasbrief toe te laat (Auction Alliance, 2014).

3. ANDER SUID-AFRIKAANSE WETGEWING MET SOORTGELYKE DEURSOEKINGSKLOUSULES EN BESLAGLEGGINGKLOUSULES

3.1 Doeane- en Aksynswet (91 van 1964)

Artikel 4 van die Doeane- en Aksynswet (91 van 1964) bevat die algemene pligte en bevoegdhede van beamptes ingevolge hierdie Wet. Hierdie artikel lui soos volg:

(4) (a) ’n Beampte kan, by die toepassing van hierdie Wet, behoudens die ander bepalings van hierdie artikel, enige perseel betree.

(aA) ’n Beampte kan persele ingevolge paragraaf (a) slegs op gesag van ’n lasbrief uitgereik deur ’n landdros of regter betree, met dien verstande dat ’n beampte die perseel **sonder**[11] ’n lasbrief kan betree in die geval van die volgende kategorieë van persele:

(i) persele wat bestuur of bedryf word deur die staat of ’n openbare instelling ooreenkomstig die bedoeling van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999), as deel van ’n hawe, lughawe, spoorwegstasie of land grenspos en waarop ’n aktiwiteit waarop hierdie Wet van toepassing is, uitgevoer of toegelaat word;

(ii) persele ingevolge hierdie Wet gelisensieer of geregistreer;

(iii) persele wat geokkupeer word deur ’n persoon ingevolge hierdie Wet gelisensieer of geregistreer en wat gebruik word vir die doeleindes van die besigheid waarvoor daardie persoon gelisensieer of geregistreer is; en

(iv) persele wat deur ’n beampte met die toestemming van die eienaar of persoon in fisiese beheer van die perseel betree word nadat daardie eienaar of persoon meegedeel is dat daar geen verpligting is om die beampte in die afwesigheid van ’n lasbrief op die perseel toe te laat nie.

(aB) ’n Beampte kan **sonder**[12] ’n lasbrief enige perseel betree waarvoor ’n lasbrief ingevolge paragraaf (aA) vereis word, indien die beampte op redelike gronde glo-

(i) dat ’n lasbrief deur ’n landdros of ’n regter uitgereik sal word indien daar om ’n lasbrief aansoek gedoen word; en

(ii) dat die vertraging wat deur die verkryging van die lasbrief veroorsaak sal word waarskynlik die doel waarvoor die beampte die perseel wil betree, sal verydel ...

Dit blyk of daar drie gevalle is waar ’n beampte ’n perseel sonder ’n lasbrief kan betree:

1. wanneer dit ’n sekere kategorie perseel is; of

[11] Beklemtoning is my eie.
[12] Eie beklemtoning.

2. wanneer die beampte toestemming verkry van die persoon in beheer van die perseel of die eienaar; of
3. waar die beampte op redelike gronde glo dat ŉ lasbrief uitgereik sou word deur ŉ regter en dat die vertraging vir die aansoek van ŉ lasbrief die doel sal verydel.

Die kategorie perseel waarna verwys word, is meestal iets wat onder die Doeane- en Aksynswet (91 van 1964) gelisensieer of geregistreer word, of wat deur die staat of deur ŉ Openbare instelling bedryf word. Voorbeelde is dele by ŉ lughawe of hawe, of waar die eienaar toestemming verleen het dat die perseel deursoek kan word. Daar is ooreenkomste met artikel 63 van die WBA (28 van 2011) wat ook aan ŉ senior SAID-amptenaar geregtelike intervensiemagte toeken in die sin dat die senior SAID-amptenaar ook self moet besluit of daar redelike gronde bestaan dat ŉ lasbrief deur ŉ regter of landdros uitgereik sou word en dat daar ŉ dreigende vernietiging of verwydering van tersaaklike materiaal kan wees. Artikel 63 van die WBA (28 van 2011) bepaal ook dat indien daar skriftelike toestemming van die eienaar of die persoon in beheer van die perseel ontvang is, die perseel sonder ŉ lasbrief deursoek kan word. Die WBA (28 van 2011) vereis wel dat die toestemming skriftelik verkry word, terwyl die Doeane- en Aksynswet (91 van 1964) slegs bepaal dat daar toestemming verkry moet word, maar nie die formaat van die toestemming spesifiseer nie.

Ingevolge artikel 63 van die WBA (28 van 2011) moet die senior SAID-amptenaar voor die deursoeking die persoon in kennis stel dat die deursoeking kragtens artikel 63 plaasvind en wat die beweerde belastingmisdryf is waarop die deursoeking gebaseer word. Ingevolge artikel 4 van die Doeane- en Aksynswet (91 van 1964) moet die beampte, by versoek om in kennis stel. Die WBA (28 van 2011) bevat nog ŉ vereiste dat ŉ woonhuis of ŉ woonperseel nie sonder die toestemming van die bewoner betree mag word nie, behalwe daardie deel wat vir bedryfsdoeleindes gebruik word. Artikel 4 van die Doeane- en Aksynswet (91 van 1964) bevat nie ŉ soortgelyke beperking op die deursoeking van woonhuis of woonpersele nie.

3.2 Wet op Eiendomsagentskap-aangeleenthede (112 van 1976)

Ingevolge artikel 32A van die Wet op Eiendomsagentskap-aangeleenthede (112 van 1976)[13] word die bevoegdhede van inspekteurs bepaal as:

> (1) ŉ Inspekteur aan wie die raad skriftelik inspeksiebevoegdhede verleen het, kan ondersoek instel om te bepaal of die bepalings van hierdie Wet nagekom is of

[13] Hierna verwys as WEA

word en kan, behoudens subartikel (5), vir daardie doel te alle redelike tye en sonder voorafgaande kennisgewing-

(a) ŉ plek betree of binnegaan ten opsigte waarvan hy rede het om te glo dat-

(i) iemand daar ŉ handeling as eiendomsagent verrig;

(ii) dit in verband staan met ŉ handeling wat deur ŉ eiendomsagent verrig word;

(iii) daar boeke, aantekeninge of stukke is waarop die bepalings van hierdie Wet van toepassing is;

(b) ŉ eiendomsagent of die bestuurder, werknemer of agent van ŉ eiendomsagent gelas om aan hom-

(i) die getrouheidsfondssertifikaat van daardie eiendomsagent te toon;

(ii) enige boek, aantekening of ander stuk in die besit of onder die beheer van daardie eiendomsagent, bestuurder, werknemer of agent te toon;

(iii) op die plek en wyse wat hy redelikerwys aandui die inligting te verstrek wat hy ten opsigte van sodanige getrouheidsfondssertifikaat, boek, aantekening of ander stuk verlang;

(c) enige sodanige getrouheidsfondssertifikaat, boek, aantekening of ander stuk inspekteer of uittreksels daaruit of afskrifte daarvan maak;

(d) enige sodanige getrouheidsfondssertifikaat, boek, aantekening of ander stuk waarop ŉ vervolging of ŉ aanklag weens gedrag wat strafmaatreëls regverdig ingevolge hierdie Wet betrekking het, in beslag neem en in bewaring hou: Met dien verstande dat die persoon uit wie se besit of bewaring ŉ getrouheidsfondssertifikaat, boek, aantekening of ander stuk geneem is, op sy versoek toegelaat word om, onder toesig van die betrokke inspekteur en op eie koste, afskrifte daarvan of uittreksels daaruit te maak.

(2) Niemand mag-

(a) in gebreke bly om op aanvraag enigiets in sy besit of onder sy beheer of op sy perseel wat betrekking kan hê op ŉ inspeksie, tot die beskikking van ŉ inspekteur te stel nie;

(b) ŉ inspekteur by die uitoefening van sy bevoegdhede kragtens hierdie artikel hinder of dwarsboom nie;

(c) valslik voorgee dat hy ŉ inspekteur is nie.

(3) ’n Inspekteur moet ’n kwitansie gee aan die eienaar of persoon in beheer van enigiets wat kragtens hierdie artikel in beslag geneem en in bewaring gehou is.

(4) ’n Inspekteur wat ’n bevoegdheid ingevolge hierdie artikel uitoefen, moet op versoek van iemand wat deur die uitoefening van daardie bevoegdheid geraak word, die skriftelike inspeksiebevoegdhede toon wat ooreenkomstig subartikel (1) aan hom verleen is.

(5) Ondanks enigiets in hierdie artikel vervat, is die bepalings daarvan, uitgesonderd subartikel 2 (c), nie van toepassing nie ten opsigte van-

(a) enige prokureur, lid van ’n professionele maatskappy of klerk onder leerkontrak, soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Prokureurs, 1979 (Wet 53 van 1979), of enige werknemer van so ’n prokureur, lid of maatskappy;
(b) enige perseel vanwaar so ’n prokureur of maatskappy sy praktyk voortsit; en
(c) enige boek, aantekening of stuk op so ’n perseel, of in die besit of onder die beheer van iemand in paragraaf (a) bedoel.

Aangesien dit uit die bogenoemde bevoegdhede van inspekteurs duidelik is wat in die Wet staan, sal die interpretasie van die bepalings in meer besonderhede oorweeg word. Die Raad van Eiendomsagentskap-aangeleenthede (REAA) reik ’n inspeksie- en ondersoekbeleid uit. Die beleid het ten doel om die inspeksie en toesig funksies van die REEA te verduidelik en toe te lig en om deursigtigheid in die administrasie van inspeksies en ondersoeke te verseker. (EAAB 2011:1).

Die beleid bepaal voorts dat al die regte soos aan inspekteurs toegeken deur artikel 32A van die WEA (112 van 1976) uitgeoefen mag word. Die beleid bepaal in onderafdeling 9 (EAAB 2011:1) die volgende:

> Inspectors shall be empowered, at all reasonable times, to enter **any place**[14] in respect of which such inspectors have reason to believe that:
>
> - any person there is performing an act as an estate agent; and/or
> - the place is connected with an act performed by an estate agent; and/or

[14] Beklemtoning is my eie.

- there are books, records or documents to which the provisions of the Act are applicable.

Uit die bogenoemde lyk dit of ŉ inspekteur aan wie die raad skriftelik inspeksiebevoegdhede verleen het, bykans enige perseel sonder ŉ lasbrief kan betree vir deursoeking, solank hy rede het om te glo dat die een of ander bedrywigheid deur ŉ eiendomsagent verrig word of verband hou met ŉ eiendomsagent.

Die beleid bevat die volgende opsomming (EAAB 2011:4-5):

> Inspectors may order any estate agent or the manager, employee or agent of any estate agent:
>
> - to produce the fidelity fund certificate of that estate agent;
> - to produce any book, record or other document in the possession or under the control of that estate agent, manager, employee or agent;
> - to furnish, at such place and in such manner as the inspector(s) may reasonably specify, with such information in respect of that fidelity fund certificate, book, record or other document as the inspector(s)may desire.
>
> Inspectors may examine or make extracts from or copies of any such fidelity fund certificate, book, record or other document.
>
> Inspectors may seize and retain any such fidelity fund certificate, book, record or other document to which any prosecution or charge of conduct deserving of sanction under the Act or under the FIC Act may relate provided that the person from whose possession or custody any fidelity fund certificate, book, record or other document is taken, is allowed, at that person's request, to make, at that person's own expense and under the supervision of the inspectors concerned, copies thereof or extracts therefrom.
>
> No person shall:
>
> - fail on demand to place at the disposal of any inspectors anything in that person's possession or under that person's control or on that person's premises which may relate to any inspection;
> - hinder or obstruct any inspectors in the exercise of their powers under the Act;
> - falsely hold himself/herself out as being an inspector.

Voorts blyk dit of op enigiets op die perseel beslag gelê kan word, solank dit verbind kan word met bepalings van die WEA (112 van 1976). Dus is die inspeksiebevoegdhede wat skriftelik aan ŉ beampte in die WEA (112 van 1976) verleen word besonder verreikend. Vanuit die wet en die beleid wil dit voorkom of daar geen vereiste in die WEA (112 van 1976) is dat die eienaar of persoon in beheer van die perseel skriftelik tot die deursoeking moet toestem nie. Verder hoef die beampte nie te bepaal of daar redelike gronde is om te glo dat daar ŉ dreigende vernietiging of verwydering van die materiaal kan wees nie; ook nie dat ŉ deursoekingslasbrief deur ŉ landdros of regter uitgereik sou word indien daarvoor aansoek gedoen is nie. Laastens is dit nie nodig om oorweging te skenk aan die feit dat die vertraging vir die aansoek van die lasbrief die doel van die deursoeking sal verydel nie.

Die voorgenoemde vereistes word wel in artikel 63 van die WBA (28 van 2011) genoodsaak. Die WEA (112 van 1976) bevat ook geen veiligheidsmaatreël dat ŉ woonhuis of ŉ woonperseel nie deursoek mag word nie, uitgesluit enige deel daarvan wat vir bedryfsdoeleindes gebruik word. Ingevolge artikel 63 van die WBA (28 van 2011) moet ŉ SAID-amptenaar voor die deursoeking die eienaar of die persoon in beheer van die perseel in kennis stel dat die deursoeking kragtens artikel 63 plaasvind en wat die beweerde belastingmisdryf is. Die WEA (112 van 1976) vereis slegs dat ŉ inspekteur wat ŉ bevoegdheid ingevolge hierdie artikel uitoefen, op versoek van iemand wat deur die uitoefening van daardie bevoegdheid geraak word, die skriftelike inspeksiebevoegdhede toon wat deur die raad aan hom verleen is.

Die afleiding kan dus gemaak word dat daar nie noodwendig sprake van ŉ misdryf hoef te wees nie, en die perseel kan steeds deursoek word ingevolge die WEA (112 van 1976). Daar is ook nie spesifieke vereistes van hoe die beampte moet optree tydens die deursoeking nie. Hierteenoor word slegs die volgende van die inspekteur vereis: “Inspectors shall be obliged to issue a receipt to the owner or person in control of anything that has been seized and retained under the Act” (EAAB 2011:5).

Daar word wel genoem dat ŉ inspekteur ŉ kwitansie moet gee aan die eienaar of persoon in beheer van enigiets wat kragtens hierdie artikel in beslag geneem en in bewaring gehou is. Hierdie bepaling is soortgelyk aan die bepaling in artikel 63 van die WBA wat vereis dat ŉ inventaris bygehou moet word van al die tersaaklike materiaal waarop beslag gelê is en ŉ afskrif daarvan moet aan die betrokke persoon verskaf word.

Dit wil dus voorkom of die omvang van die magte wat aan ŉ deursoekingsbeampte toegeken is ingevolge die WEA (112 van 1976) omvangryker is as ingevolge dié van die WBA (28 van 2011), met minder duidelike bepalings oor hóé die deursoeking uitgevoer moet word.

3.3 Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum (38 van 2001)

Artikel 45B van die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum (38 van 2001) bevat verskeie bepalings oor die uitvoer van inspeksies:

> (1) Vir die doeleindes van die ... Wet of ŉ bevel gegee, ... kan ŉ inspekteur te eniger redelike tyd en met redelike kennisgewing, waar toepaslik, enige perseel betree en ondersoek waarop die Sentrum of, wanneer ingevolge artikel 45 (1) opgetree word, die toesighoudende liggaam redelikerwys glo dat die werksaamhede van ŉ verantwoordingspligtige instelling, verslagdoenings-instelling of ander persoon op wie die bepalings van hierdie Wet van toepassing is, verrig word.
>
> (2) Wanneer ŉ inspekteur ŉ inspeksie uitvoer, kan die inspekteur-
>
> (a) iemand skriftelik gelas om op ŉ tyd en plek deur die inspekteur bepaal vir ondervraging voor die inspekteur te verskyn;
>
> (b) enige persoon wat ŉ dokument in sy of haar besit of onder sy of haar beheer het of gehad het wat op die sake van die verantwoordingspligtige instelling, verslagdoeningsinstelling of persoon betrekking het, gelas-
>
> (i) om daardie dokument voor te lê; of
>
> (ii) om inligting met betrekking tot daardie dokument aan die inspekteur te verstrek op die plek en wyse deur die inspekteur bepaal;
>
> (c) enige brandkluis, brandkas of ander houer oopmaak, of enige persoon gelas om enige brandkluis, brandkas of ander houer oop te maak, waarin die inspekteur vermoed enige dokument gehou word wat op die inspeksie betrekking het;
>
> (d) enige rekenaarstelsel of toerusting op die perseel gebruik of redelike bystand, vereis van enige persoon op die perseel om daardie rekenaarstelsel te gebruik om-
>
> (i) toegang te verkry tot enige data wat gehou word in of beskikbaar is vir daardie rekenaarstelsel; en
>
> (ii) enige dokument uit daardie data te reproduseer;

(e) enige dokument in die besit van ŉ verantwoordingspligtige instelling, verslagdoeningsinstelling of persoon ondersoek, of uittreksels daaruit of afskrifte daarvan maak, of, teen die uitreiking van ŉ kwitansie, daardie dokument tydelik vir daardie doel verwyder; en

(f) teen die uitreiking van ŉ kwitansie, beslag lê op enige dokument wat ingevolge paragrawe (c) tot (e) verkry is en wat na die mening van die inspekteur bewys kan wees van nienakoming van ŉ bepaling van hierdie Wet of ŉ bevel gegee, vasstelling gedoen of lasgewing uitgereik ingevolge hierdie Wet.

...

(6) (a) ŉ Inspekteur wat deur die Direkteur aangestel is, kan, ten opsigte van enige verantwoordingspligtige instelling wat deur ŉ toesighoudende liggaam gereguleer word, of oor wie so ŉ liggaam toesig hou, ingevolge hierdie Wet of enige ander wet, ŉ inspeksie uitvoer slegs indien ŉ toesighoudende liggaam versuim het om ŉ inspeksie uit te voer ondanks ŉ aanbeveling van die Sentrum ingevolge artikel 44 (b) gedoen of versuim het om ŉ inspeksie uit te voer binne die tydperk deur die Sentrum aanbeveel.

(b) ŉ Inspekteur van ŉ toesighoudende liggaam kan ŉ inspeksie, behalwe ŉ roetine-inspeksie ingevolge hierdie artikel, uitvoer slegs na oorleg met die Sentrum oor daardie inspeksie.

...

(7) Geen lasbrief is nodig vir die doeleindes van ŉ inspeksie ingevolge hierdie artikel nie.

Hierdie artikel maak dit moontlik vir ŉ inspekteur om, sonder ŉ lasbrief, enige perseel te kan deursoek waar die toesighoudende liggaam redelikerwys glo dat die werksaamhede verrig word van ŉ verantwoordingspligtige instelling, verslagdoeningsinstelling of ander persoon op wie die bepalings van hierdie Wet van toepassing is. Daar is dus geen beperking geplaas op die tipe persele wat deursoek kan word nie, en verskil van artikel 63 wat die deursoeking van woonhuise en -persele verbied, behalwe enige deel daarvan wat vir bedryfsdoeleindes gebruik word.

In Auction Alliance (2014) het die konstitusionele hof die volgende bevind:

> [18] Here, the Court noted that the section requires that the inspection, whether routine or targeted, be for the purpose of determining compliance with FICA. It also requires reasonable notice, and demands that searches be at reasonable times. Inspections are also limited to determinable business premises, and guidance is provided to inspectors. Documents subject to inspection are limited to those relating to the institution's affairs. Though the Court noted that an inspection may be conducted at a private home where there is a reasonable belief that a business of the kind contemplated is being conducted, and that the provisions cover a large number of industries, the Court nevertheless concluded that the purpose of FICA requires this breadth.

Uit hierdie bevinding lyk dit of 'n inspekteur slegs 'n inspeksie kan uitvoer indien 'n toesighoudende liggaam versuim het om 'n inspeksie uit te voer ondanks 'n aanbeveling van die Sentrum of versuim het om die inspeksie uit te voer binne die tydperk deur die Sentrum aanbeveel. Die Sentrum kan slegs so 'n aanbeveling doen as daar redelike gronde is om te vermoed dat 'n verantwoordingspligtige instelling, of enige ander persoon behalwe 'n toesighoudende liggaam wat aan die bepalings van hierdie Wet onderworpe is, enige bepaling van hierdie Wet of enige reël of riglyn wat op daardie verantwoordingspligtige instelling of persoon van toepassing is en wat nakoming van hierdie Wet vergemaklik, oortree het of versuim het om daaraan te voldoen.

Hierdie bepaling is soortgelyk aan die vereiste van artikel 63 van die WBA (28 van 2011) waar daar van die senior SAID-amptenaar verwag word om te bepaal of daar redelike gronde is dat daar 'n dreigende verwydering van tersaaklike materiaal is, dat 'n lasbrief uitgereik sou word en dat die vertraging om die lasbrief te verkry die doel van die deursoeking sou verydel. Die oorwegings in artikel 63 van die WBA (28 van 2011) is wel heelwat meer omvattend. Dit lyk nie of artikel 45B van die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum (38 van 2001) vereis dat die eienaar of persoon in beheer van die perseel voor die deursoeking in kennis gestel hoef te word van die beweerde misdryf nie.

Artikel 45B van die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum (38 van 2001) se omvang is dus ook baie wyd in die sin dat enige perseel deursoek kan word, sou die Sentrum op redelike gronde tevrede wees dat daar 'n reël of riglyn na bewering oortree is. Soos egter blyk uit die Auction Alliance-hofuitspraak (2014) het die hof nogtans bevind dat die doel van die Wet op

die Finansiële Intelligensiesentrum (38 van 2001) wel die omvang van die artikel regverdig (Auction Alliance 2014).

Daar is wel in die artikel ’n selfoorsig-veiligheidsmaatreël ingebou, siende dat die Sentrum eerstens moet bepaal of daar redelike gronde is om te vermoed dat daar ’n moontlike oortreding plaasgevind het. Dit lyk dus of daar skeiding van pligte is vir die besluit tussen die Sentrum en die deursoekingsbeampte. Dit is nie die geval in artikel 63 van die WBA (28 van 2011) wat in die Orion Cold Storage-hofuitspraak ter sprake gekom het nie.

Na aanleiding van die Orion Cold Storage-hofuitspraak meen SAICA (2014) dat die beslissing van die hof as “wesenlik” beskou kan word, nie net binne die konteks van die Doeane- en Aksynswet nie, maar dat die *dicta* groot gewig sal dra as die grondwetlikheid van die deursoekings- en beslagleggingsklousules van die WBA (28 van 2011) ooit oorweeg sou word. Die afleiding kan gemaak word dat daar gronde is om artikel 63 van die WBA (28 van 2011) te vergelyk met klousules van ander wetgewing waaroor onlangse bevindings ingevolge grondwetlikheid in die konstitusionele hof gemaak is.

In die voorafgaande besprekings in 3.1 tot 3.3 is die bepalings van artikel 63 van die WBA wat deursoekings en beslaglegging sonder ’n lasbrief magtig, vergelyk met ander wette, inter alia die Doeane- en Aksynswet (91 van 1964), wat ook deursoeking en beslaglegging sonder ’n lasbrief magtig. Die bevindings word hier onder in tabelvorm opgesom:

Tabel 1: ’n Vergelyking van Suid-Afrikaanse wetgewing

WBA (28 van 2011) Artikel 63	**Doeane- en Aksynswet (91 van 1964)** Artikel 4	**WEA (112 van 1976)** Artikel 32A	**Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum (38 van 2001)** Artikel 45B
Kategorieë van persele:	**Kategorieë van persele:**	**Kategorieë van persele:**	**Kategorieë van persele:**
’n SAID-amptenaar mag enige deel van ’n perseel wat vir bedryfsdoeleindes gebruik word betree.	Persele wat onder hierdie Wet gelisensieer of geregistreer word, of wat deur die staat of deur ’n Openbare instelling bedryf word, soos byvoorbeeld dele by ’n lughawe of hawe,	’n Inspekteur aan wie die raad skriftelik inspeksiebevoegdhede verleen het, kan bykans enige perseel betree vir deursoeking, sonder ’n lasbrief, solank as wat hy rede het om te glo dat die een of ander bedrywigheid deur ’n eiendomsagent verrig word of verband hou met	’n Inspekteur, kan sonder ’n lasbrief, enige perseel waar die toesighoudende liggaam redelikerwys glo dat die werksaamhede van ’n verantwoordings-pligtige instelling, verslagdoeningsinstelling of ander persoon op wie die bepalings van hierdie Wet van toepassing is verrig word, te kan

		'n eiendomsagent. Met die uitsondering van prokureurspersele.	deursoek. Daar is dus geen beperking geplaas op die tipe persele wat deursoek kan word nie
As daar skriftelike toestemming van die eienaar of die persoon in beheer van die perseel ontvang is, kan die perseel deursoek word sonder 'n lasbrief. Vereis dat skriftelike toestemming verkry moet word.	Persele wat deur 'n beampte met die toestemming van die eienaar of persoon in fisiese beheer van die perseel betree word nadat daardie eienaar of persoon meegedeel is dat daar geen verligting is om die beampte in die afwesigheid van 'n lasbrief op die perseel toe te laat nie. Die formaat van die toestemming word nie gespesifiseer nie.	Daar is geen vereiste dat die eienaar of persoon in beheer van die perseel skriftelik tot die deursoeking moet toestem nie.	Dit blyk nie of daar 'n vereiste is dat die eienaar of persoon in beheer van die perseel voor die deursoeking in kennis gestel hoef te word van die beweerde misdryf nie.
'n SAID-amptenaar mag nie, 'n woonhuis of 'n woonperseel sonder die toestemming van die bewoner betree nie, behalwe enige deel daarvan wat vir bedryfs-doeleindes gebruik word.	'n Woonhuis of woonperseel is nie uitgesluit van ondersoekings nie.	'n Woonhuis of woonperseel is nie uitgesluit van ondersoekings nie.	'n Woonhuis of woonperseel is nie uitgesluit van ondersoekings nie.
Geregtelike intervensie magte:	**Geregtelike intervensie magte:**	**Geregtelike intervensie magte:**	**Geregtelike intervensie magte:**
'n Senior SAID-amptenaar kan 'n perseel deursoek sonder 'n lasbrief indien die senior SAID-amptenaar op redelike gronde tevrede is dat (i) daar 'n dreigende verwydering of vernietiging van tersaaklike materiaal kan wees wat waarskynlik op die perseel gevind sal word; (ii) indien SAID aansoek doen vir 'n deursoekingslasbrief, 'n deursoekingslasbrief uitgereik sal word; en (iii) die vertraging in verkryging van 'n lasbrief	'n Beampte kan 'n perseel betree sonder 'n lasbrief indien hy op redelike gronde glo dat 'n lasbrief uitgereik sou word deur 'n regter en dat die vertraging vir die aansoek van 'n lasbrief die doel sal verydel.	Die beampte hoef nie te bepaal of daar redelike gronde is om te glo dat daar 'n dreigende vernietiging of verwydering van die materiaal kan wees nie, ook nie dat 'n deursoekingslasbrief deur 'n landdros of regter uitgereik sou word indien daarvoor aansoek gedoen is nie. Dit is ook nie nodig om oorweging te skenk aan die feit dat die vertraging vir die aansoek van die lasbrief die doel van die deur-soeking sal verydel nie.	Die Sentrum kan slegs 'n aanbeveling vir 'n inspeksie doen as hy redelike gronde het om te vermoed dat 'n verant-woordingspligtige instelling, of enige ander persoon behalwe 'n toesighoudende liggaam wat aan die bepalings van hierdie Wet onderworpe is, enige bepaling van hierdie Wet of enige reël of riglyn wat op daardie verant-woordingspligtige instelling of persoon van toepassing is en wat nakoming van hierdie

die doel van die deursoeking en beslaglegging sal verydel.			Wet vergemaklik, oortree het of versuim het om daaraan te voldoen
Verdere vereistes:	**Verdere vereistes:**	**Verdere vereistes:**	**Verdere vereistes:**
Die senior SAID-amptenaar moet voor die deursoeking die persoon in kennis stel dat die deursoeking kragtens artikel 63 plaasvind en wat die beweerde belastingmisdryf is waarop die deursoeking gebaseer word.	Die beampte moet by versoek om toegang tot die perseel, die persoon in beheer van die perseel van die doel van die betreding verwittig.	Daar word slegs vereis dat 'n inspekteur, op versoek van iemand wat deur die uitoefening van hierdie bepaling geraak word, die skriftelike inspeksiebevoegdhede toon wat deur die raad aan die inspekteur verleen is. Die afleiding kan dus gemaak word dat daar nie noodwendig sprake van 'n misdryf hoef te wees nie.	Geen verdere vereistes vir hoe die ondersoek uitgevoer moet word nie.
'n Inventaris moet bygehou word van al die tersaaklike materiaal waarop beslag gelê is en 'n afskrif daarvan moet aan die betrokke persoon verskaf word.		'n Inspekteur moet 'n kwitansie gee aan die eienaar of persoon in beheer van enigiets wat kragtens hierdie artikel in beslag geneem en in bewaring gehou is.	
'n Woonhuis en 'n woonperseel mag nie deursoek word sonder 'n lasbrief nie.			'n Inspekteur kan slegs 'n inspeksie uitvoer indien 'n toesighoudende liggaam versuim het om 'n inspeksie uit te voer ondanks 'n aanbeveling van die Sentrum of versuim het om die inspeksie uit te voer binne die tydperk deur die Sentrum aanbeveel. Hierdie is 'n ingeboude selfoorsig-veiligheidsmaatreël, Siende dat die Sentrum eerstens moet bepaal of daar redelike gronde is om te vermoed dat daar 'n moontlike oortreding plaasgevind het. Daar is skeiding van pligte vir die besluit tussen die Sentrum en die deursoekingsbeampte. Dit is nie die geval in artikel 63 van die WBA (28 van 2011) nie.

4. GEVOLGTREKKING

Die WBA (28 van 2011) is nie die enigste wet in Suid-Afrika wat bepalings bevat wat deursoekings en beslaglegging sonder ŉ lasbrief magtig nie.

In die Orion Cold Storage (2013) en Auction Alliance (2014) hofsake waarna in die bespreking hierbo verwys is, het howe sekere artikels van die Doeane- en Aksynswet (91 van 1964), die Wet op Eiendomsagentskap-aangeleenthede (112 van 1976) en die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum (38 van 2001) ongeldig verklaar op grond van die feit dat dit ongrondwetlik is. Uit albei hofsake lyk dit of die regters dit eens is dat die volgende aspekte kan lei tot ŉ onregverdigbare inbreuk op privaatheid:

1. As daar nie genoegsame onderskeid is tussen roetine- en nieroetine-deursoekings nie. ŉ Nieroetine-soektog is ŉ geteikende soektog wat gebaseer is op ŉ spesifieke vermoede dat ŉ oortreding gepleeg is.
2. Daar moet genoegsame onderskeid wees tussen aangewese en nie-aangewese persele; dus moet die tipe perseel wat sonder ŉ lasbrief deursoek mag word baie duidelik wees.
3. Daar moet betekenisvolle perke wees ten opsigte van die omvang van die soektogte.
4. Daar moet genoegsame riglyne vir amptenare wees oor hoe om ŉ deursoeking sonder ŉ lasbrief te hanteer.
5. Die amptenare wat die deursoeking uitgevoer het, moet kan aantoon dat ŉ minder beperkende wyse nie voldoende sou wees om hulle doel te bereik nie.

Die wette het heelwat met mekaar gemeen, maar daar is tog ook definitiewe verskille in die oorwegings voordat ŉ deursoeking sonder ŉ lasbrief uitgevoer kan word. Wat veral opvallend is, is dat die WBA (28 van 2011) die enigste wet is wat ŉ addisionele vereiste bevat dat ŉ woonhuis of ŉ woonperseel nie sonder die toestemming van die bewoner betree mag word nie, behalwe daardie deel daarvan wat vir bedryfsdoeleindes gebruik word. Dit lyk dus of dit ŉ spesifieke poging is om die moontlike beperking op die reg tot privaatheid effens in te perk. Die vraag is egter of die maatreël genoegsaam is om te voorkom dat artikel 63 van die WBA (28 van 2011) blootgestel is aan moontlike bedreigings wat met grondwetlikheid verband hou.

Met verwysing na genoemde vereistes soos uiteengesit in die regters se bevindinge, is dit moontlik dat artikel 63 van die WBA (28 van 2011) op soortgelyke gronde ongrondwetlik

verklaar kan word omdat dit onregverdigbaar inbreuk maak op die belastingbetaler se reg tot privaatheid. ’n Nadere ondersoek na die grondwetlike bepalings ten opsigte van onregverdigbare indringing van die belastingbetaler se privaatheid word in Hoofstuk 5 volledig bespreek.

HOOFSTUK 5

1. INLEIDING

Die bespreking in Hoofstuk 4 bevestig die fait accompli dat wetgewing in Suid-Afrika binne die raamwerk van die Grondwet (1996) moet geskied. Dit sluit die WBA (28 van 2011) in. Tot op hede is die grondwetlikheid van artikel 63 van die WBA (28 van 2011) nog nie spesifiek in die howe getoets nie. Daar is wel ander regspraak oor wetgewing wat soortgelyke deursoekings- en beslagleggingsklousules sonder ’n lasbrief bevat. Sommige van hierdie wette en regspraak is in Hoofstuk 4 geanaliseer. Daar gaan nou gekyk word na die bepalings van die Grondwet, met spesifieke klem op die reg op privaatheid, die algemene beginsels van die administratiefreg asook kenners se menings vir en teen die magte wat aan die SAID verleen word ingevolge artikel 63 van die WBA (28 van 2011).

Hoofstuk 2 van die Grondwet (1996) bevat die Handves (1996), artikels 7 tot 39. In die aanhef tot die Handves (1996) word dit duidelik gestel dat dit die hoeksteen van demokrasie in Suid-Afrika vorm. Dit verskans die regte van alle mense in Suid-Afrika en bevestig die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid. Die staat moet die regte in die Handves (1996) eerbied, beskerm, bevorder en verwesenlik. Een van die regte in die Handves (1996) is die reg op privaatheid.

2. DIE REG OP PRIVAATHEID

2.1 Algemene toepassing

In die Handves (1996) word die reg op privaatheid, in artikel 14, soos volg uiteengesit:

> Elkeen het die reg op privaatheid, waarby inbegrepe is die reg dat:
>
> a) hul persoon of woning nie deursoek word nie;
> b) hul eiendom nie deursoek word nie;
> c) daar nie op hul besittings beslag gelê word nie; of
> d) daar nie op die privaatheid van hul kommunikasies inbreuk gemaak word nie (Grondwet: 1996).

Neethling (1998:39) verwys na privaatheid as: " ... 'n individuele lewenstoestand van afsondering van openbaarheid. Hierdie lewenstoestand omsluit al daardie persoonlike feite wat die belanghebbende self bestem om van kennismaking deur buitestaanders uitgesluit te wees en ten opsigte waarvan hy 'n privaathoudingswil het".

Uit bogenoemde definisie kan afgelei word dat 'n skending van privaatheid sal plaasvind sodra persoonlike feite, waaroor die persoon 'n privaatheidswil het, skielik in die openbare domein beskikbaar is. As dit toegepas word op artikel 14 van die Grondwet (1996) sal 'n persoon se reg tot privaatheid geskend word:

- as hulle persoon of woning deursoek word;
- as hulle eiendom deursoek word;
- as daar op hulle besittings beslag gelê word; of
- as daar ingeluister word op hulle kommunikasies.

Derhalwe kan die gevolgtrekking gemaak word dat daar op 'n persoon se reg op privaatheid inbreuk gemaak word in sekere omstandighede, byvoorbeeld wanneer 'n polisiebeampte 'n perseel deursoek. Daar moet sekere uitsonderings wees waar dit nodig geag word om op 'n persoon se reg op privaatheid inbreuk te maak.

2.2 Beperkings op die reg op privaatheid

Artikel 36 van die Grondwet (1996) bepaal die volgende:

> (1) Die regte in die Handves (1996) kan slegs kragtens 'n **algemeen geldende regsvoorskrif**[15] beperk word in die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid, met inagneming van alle tersaaklike faktore, met inbegrip van:
>
> (a) die aard van die reg;
> (b) die belangrikheid van die doel van die beperking;
> (c) die aard en omvang van die beperking;
> (d) die verband tussen die beperking en die doel daarvan; en
> (e) 'n minder beperkende wyse om die doel te bereik.

[15] Beklemtoning is my eie.

(2) Behalwe soos in subartikel (1) of in enige ander bepaling van die Grondwet (1996), mag geen regsvoorskrif enige reg wat in die Handves (1996) verskans is, beperk nie.

Nel (2013:25) meen dat die Strafproseswet (51 van 1997) ŉ algemeen geldende regsvoorskrif is wat hierdie fundamentele regte kan beperk. So is lasbriewe wat ingevolge artikel 21 van die Strafproseswet (51 van 1977) uitgereik is, belangrike instrumente wat ontwerp is om die polisie te help om hulle grondwetlike mandaat van, onder andere, die voorkoming, die stryd teen, en die ondersoek van misdaad effektief uit te voer (Minister for Safety & Security v Van der Merwe & Others, 2011).

Die dilemma wat nou ontstaan, is of die beperking van ŉ reg op privaatheid geregverdig is as ŉ deursoeking sonder ŉ lasbrief uitgevoer word. In Ferrucci and Others v Commissioner, South African Revenue Service and Another (2002) is daar bevind dat die SAID die tersaaklike materiaal of inligting op die minste indringende wyse moet bekom, sodat dit nie te veel inbreuk maak op die belastingbetaler se reg op privaatheid nie. Daar moet dus altyd bepaal word of daar ander opsies aan die SAID beskikbaar was om die tersaaklike materiaal te bekom wat dieselfde doel sou bereik. Indien die ander opsies minder indringend sou wees vir die belastingbetaler is daar geldige gronde om aan te voer dat die belastingbetaler se reg op privaatheid onnodig geskend is.

3. ADMINISTRATIEFREG IN SUID-AFRIKA

Ingevolge artikel 33 van die Grondwet (1996) het elkeen die reg op administratiewe optrede wat regmatig, redelik en prosedureel billik is. Elkeen wie se regte nadelig geraak is deur administratiewe optrede het die reg op die verskaffing van skriftelike redes. Nasionale wetgewing moet verorden word om aan hierdie regte gevolg te gee, en moet:

(a) voorsiening maak vir die hersiening van administratiewe optrede deur ŉ hof of, waar dit gepas is, ŉ onafhanklike en onpartydige tribunaal;
(b) die staat verplig om aan dié regte gevolg te gee, en
(c) ŉ doeltreffende administrasie bevorder.

Die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid (3 van 2000) is gepromulgeer om aan hierdie reg uitvoering te gee [Artikel 33(3) van die Grondwet (1996)]. Aangesien die SAID ŉ uitvoerende orgaan van die staat is (Artikel 239 van die Grondwet, 1996) behoort die optrede van ŉ senior SAID-amptenaar beskou te word as administratiewe optrede wat aan die reëls van die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid (3 van 2000) onderhewig is. Siende dat elke persoon die reg op administratiewe optrede het wat regmatig, redelik en prosedureel billik is, is die optrede van die SAID belangrik tydens ŉ deursoeking sonder ŉ lasbrief.

Administratiewe optrede word in die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid (3 van 2000) omskryf. Dit sluit in enige besluit geneem deur ŉ staatsorgaan – of die versuim om ŉ besluit te neem – waar die uitoefening van ŉ openbare bevoegdheid of die verrigting van ŉ openbare werksaamheid ingevolge enige wetgewing die regte van enige persoon nadelig raak en wat ŉ direkte eksterne regsgevolg het (artikel 1). Wanneer ŉ belastingbetaler se perseel deursoek word sonder ŉ lasbrief, word sy regte, inter alia die reg op privaatheid, nadelig geraak deur administratiewe optrede.

Ingesluit in die reg op administratiewe optrede wat regmatig, redelik en prosedureel billik is, is die verskaffing van skriftelike redes wanneer ŉ belastingbetaler se regte nadelig geraak is. (artikel 33 van die Grondwet 1996). Die skriftelike redes waarna hier verwys word, kan moontlik betrekking hê op die feit dat die SAID voor die uitvoering van die deursoeking die eienaar of persoon in beheer van die perseel in kennis moet stel dat die deursoeking kragtens artikel 63 van die WBA (28 van 2011) plaasvind en van die beweerde versuim om ŉ verpligting kragtens ŉ belastingwet opgelê na te kom of die beweerde belastingmisdryf wat die grondslag van die deursoeking is. Artikel 33 van die Grondwet is baie duidelik dat skriftelike redes verskaf moet word sodra ŉ belastingbetaler se regte nadelig geraak word deur administratiewe optrede. Daar bestaan dus onduidelikheid of artikel 63 van die WBA (28 van 2011) aan hierdie vereiste voldoen, siende dat die senior SAID-amptenaar nie skriftelike redes vir die deursoeking van die perseel sonder ŉ lasbrief hoef te verskaf nie. Die senior SAID-amptenaar moet bloot die persoon in kennis stel van die beweerde versuim.

4. ARGUMENTE VIR EN TEEN GRONDWETLIKHEID

Die grondwetlikheid van die lasbrieflose vereistes van artikel 63 van die WBA (28 van 2011) word ook deur belastingkenners gedebatteer, hierdie opinies sal voorts verder ondersoek word. Croome (2011) meen dat daar twyfel bestaan of artikel 63 aan die vereistes van die Grondwet (1996) voldoen. Twee redes word aangevoer: Eerstens bestaan daar baie streng prosedures vir die uitreiking van ŉ lasbrief vir die deursoek en beslaglegging ingevolge die strafprosesreg, en tweedens ten gevolge van die uitsprake van die konstitusionele hof in Minister for Safety and Security v GW van der Merwe and Others (2011) en ook in Magajane v Chairperson: North West Gambling Board and Others (2006). Die regter het bevind dat die bepalings van die North West Gambling Act, (2 van 2001) ongrondwetlik is deurdat dit inspekteurs die mag gee om ongelisensieerde dobbelpersele te betree sonder ŉ lasbrief.

Croome (2011) wys ook daarop dat die besluit om ŉ deursoeking sonder ŉ lasbrief uit te voer deur ŉ senior SAID-amptenaar geneem moet word. Dit is dus baie belangrik dat die amptenaar wat die besluit neem geen geldelike belang in die uitkoms van die besluit het nie, wat een van die algemene beginsels van administratiefreg in Suid-Afrika is. Tans bestaan daar onduidelikheid of SAID-amptenare se bonusse gekoppel is aan die hoeveelheid belasting wat hulle invorder. Indien dit wel die geval is, kan dit bevraagteken word of artikel 63 van die WBA (28 van 2011) grondwetlik is.

Saloojee (2013) is van mening dat die grootste verskil tussen ŉ deursoeking en beslaglegging, sonder of met ŉ lasbrief, juridiese intervensie is. Vir ŉ deursoeking en beslaglegging met ŉ lasbrief moet ŉ landdros of regter besluit op grond van feite onder eed bekom, of daar redelike gronde is vir die uitreik van ŉ lasbrief. By ŉ deursoeking en beslaglegging sonder ŉ lasbrief word die juridiese intervensie omseil, wat die vraag laat ontstaan of dit wettig sal wees. Hy noem dat daar duidelik ŉ behoefte van die SAID is om in sekere gevalle vinnig te kan optree wanneer daar ŉ risiko is dat tersaaklike materiaal vernietig of verwyder kan word. Dit wil lyk of ŉ deursoeking en beslaglegging sonder ŉ lasbrief uiters streng is, maar daar ~~is~~ ingeboude veiligheidsmaatreëls wees wat moet voorkom dat die mag misbruik word. Die toepassing van hierdie veiligheidsmaatreëls sal egter bepalend wees in die poging om die magte van die SAID te balanseer met die regte van die belastingbetaler.

Advokaat Gilbert Marcus (senior advokaat) en advokaat Steven Budlender, argumenteer namens die SAID op 16 Augustus 2011, voor die parlement se finansies-komitee dat die

wetsontwerp op belastingadministrasie wel voldoen aan die Grondwet. Hulle verweer is dat die SAID net in baie spesifieke omstandighede ŉ deursoeking en beslaglegging kan onderneem sonder ŉ lasbrief (Ensor, 2012). Die spesifieke omstandighede verwys na wanneer ŉ senior SAID-amptenaar a) skriftelike toestemming van die eienaar of persoon in beheer van die perseel ontvang het, **of**[16] b) as die senior SAID-amptenaar tevrede is dat daar redelike gronde is om te aanvaar dat: (i) daar ŉ dreigende verwydering of vernietiging van tersaaklike materiaal kan wees wat waarskynlik op die perseel gevind sal word; (ii) sou die SAID aansoek doen vir ŉ deursoekingslasbrief, ŉ deursoekingslasbrief uitgereik sal word. (iii) en die vertraging in verkryging van ŉ lasbrief die doel van die deursoeking en beslaglegging sal verydel (artikel 63 van die WBA, 28 van 2011).

5. GEVOLGTREKKING

Uit die bogenoemde analise is dit duidelik dat, vir enige wet om geldig te wees, dit nie teen die Grondwetlike beginsels kan indruis nie. Spesifieke klem is geplaas op die belastingbetaler se reg op privaatheid en die reg op regverdige administratiewe optrede, waarby ingesluit is die reg op skriftelike redes. Daar is sekere gevalle waar ŉ belastingbetaler se reg op privaatheid beperk kan word, maar dit moet te alle tye op die minste indringende wyse geskied.

[16] Die beklemtoning is my eie.

HOOFSTUK 6

Die ondersoek het getoon dat artikel 63 van die WBA (28 van 2011) nuwe – dog verreikende – magte aan die SAID verleen om onder sekere omstandighede deursoekings sonder ŉ lasbrief uit te voer. Daar is slegs twee gevalle waartydens ŉ deursoeking sonder ŉ lasbrief kan plaasvind:

> (1) dit geskied met skriftelike toestemming van óf die eienaar óf persoon in beheer van die perseel; of
> (2) as die senior SAID-amptenaar op redelike gronde tevrede is dat daar ŉ dreigende verwydering of vernietiging van tersaaklike materiaal is, dat sou daar aansoek gedoen word vir ŉ lasbrief, dit uitgereik sou word en dat die vertraging in die verkryging van die lasbrief die doel sal verydel.

As daar skriftelike toestemming van die eienaar of persoon in beheer van die perseel verkry word, behoort dit nie inbreuk te maak op dié persoon se reg tot privaatheid nie. Dit is die tweede geval waar die besluit deur ŉ senior SAID-amptenaar geneem moet word wat problematies kan wees.

Die feit dat daar geen oorsigmeganisme in artikel 63 van die WBA (28 van 2011) ingebou is nie, is rede tot kommer. Daar is geen bepaling wat ŉ senior SAID-amptenaar verhoed om sy mag te misbruik of wat aandui watter stappe of aksies teen die persoon ingestel kan word nie, sou dit die geval wees. Gewoonlik word lasbriewe altyd deur ŉ landdros of regter goedgekeur, wat verseker dat ŉ onafhanklike derde party moet oordeel of daar genoegsame redelike gronde is vir die uitreik van die lasbrief. In hierdie verband lyk dit nie of die belastingbetaler se regte voldoende beskerming geniet nie. Die enigste oplossing is ŉ moontlike hersiening in die hooggeregshof onder die Bevordering van Administratiewe Geregtigheidswet (3 van 2000). Hierdie aksie is egter onbekostigbaar vir die oorgrootte meerderheid belastingbetalers (PwC, 2012:36).

Daar is ŉ paar veiligheidsmaatreëls in artikel 63 van die WBA (28 van 2011) ingebou, maar uit die navorsing vir die vorige hoofstukke is daar onduidelikheid of afdoende bewyse bestaan dat hierdie veiligheidsmaatreëls genoegsaam is om die belastingbetaler se reg tot privaatheid voldoende te beskerm.

Die Strafproseswet (51 van 1977) bevat baie streng vereistes vir die uitreiking van ŉ lasbrief. Onlangse regspraak het weer bevestig hoe maklik ŉ lasbrief ongeldig verklaar kan word, sou dit nie aan al die vereistes voldoen nie.

Die volgende minimum vereistes soos in die Strafproseswet (51 van 1977) vervat, word nie deur die WBA (28 van 2011) vereis nie:

(1) Identifisering van die polisiebeampte wat die deursoeking moet uitvoer.
(2) Detail spesifisering van die voorwerp waarvoor die deursoeking en moontlike beslaglegging is.
(3) Die terme van die lasbrief moenie te vaag of oorbodig te wees nie.
(4) Die lasbrief moet vir beide die deursoekte en die deursoeker verstaanbaar en duidelik wees.
(5) Die terme van die lasbrief moet redelik streng wees.
(6) Die hof moet altyd die deursoekte persoon se grondwetlike regte in gedagte hou.

Derhalwe kan dit afgelei word uit die uitspraak soos gegee in *Minister of Safety and Security v Van der Merwe* (2011), dat daar ŉ risiko kan bestaan dat die hof ŉ deursoekingslasbrief uitgereik ingevolge die WBA (28 van 2011) ongeldig kan verklaar as dit nie ook aan die addisionele vereistes van die Strafproseswet (51 van 1977) voldoen nie. Dit beïnvloed die senior SAID-amptenaar se besluit wanneer hy moet oorweeg of hy op redelike gronde tevrede is dat, sou die SAID aansoek doen vir ŉ deursoekingslasbrief, dit uitgereik sou word.

Daar bestaan ook streng vereistes vir die uitreiking van ŉ privaat deursoekingslasbrief onder ŉ sogenaamde Anton Piller-bevel. In albei gevalle is daar altyd ŉ regterlike beampte wat onafhanklik van die ondersoek tussen die ondersoeker en die belastingbetaler staan, wat behoort te verhoed dat daar onnodig op die regte van die individu inbreuk gemaak word. Artikel 63 ontneem die belastingbetaler van geregtelike intervensie deur ŉ onafhanklike derdeparty.

In die regspraak waarna verwys is, het howe sekere artikels van die Doeane- en Aksynswet (91 van 1964), die WEA (112 van 1976) en die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum (38 van 2001) ongeldig verklaar op grond van die feit dat dit ongrondwetlik is. Daar is na die Orion Cold Storage (2013) en Auction Alliance (2014) hofsake verwys. Uit albei hofsake

blyk dit dat die volgende aspekte kan lei tot ŉ onregverdige inbreuk op privaatheid [Orion Cold Storage (2013) en Auction Alliance (2014)]:

1. As daar nie genoegsame onderskeid is tussen roetine- en nieroetine-deursoekings nie. ŉ Nieroetine-soektog is ŉ geteikende soektog wat gebaseer is op ŉ spesifieke vermoede dat ŉ oortreding gepleeg is.
2. Daar moet genoegsame onderskeid wees tussen aangewese en nie-aangewese persele, dus moet die tipe perseel wat sonder ŉ lasbrief deursoek mag word baie duidelik wees.
3. Daar moet betekenisvolle perke wees ten opsigte van die omvang van die soektogte.
4. Daar moet genoegsame riglyne vir amptenare wees oor hoe om ŉ deursoeking sonder ŉ lasbrief te hanteer.
5. Die amptenare wat die deursoeking uitgevoer het, moet kan aantoon dat ŉ minder beperkende wyse nie voldoende sou wees om hul doel te bereik nie.

As daar na die bogenoemde vereistes verwys word soos uiteengesit in die regters se bevindinge, is die gevolgtrekking dat artikel 63 van die WBA (28 van 2011) op soortgelyke gronde moontlik ongrondwetlik verklaar kan word omdat daar aangevoer kan word dat dit onregverdig inbreuk maak op die belastingbetaler se reg tot privaatheid.

Daar is verder bepaal dat die WBA (28 van 2011) nie die enigste wet in Suid-Afrika is wat bepalings bevat wat deursoekings en beslaglegging sonder ŉ lasbrief magtig nie. Inteendeel, daar is spesifiek na die volgende wetgewing verwys om te bepaal wat die verskille en ooreenkomste tussen die onderskeie klousules is:

1. die Doeane- en Aksynswet (91 van 1964);
2. die WEA (112 van 1976);
3. die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum (38 van 2001).

Hierdie wette het heelwat met mekaar gemeen, maar tog ook definitiewe verskille in die oorwegings voordat ŉ deursoeking sonder ŉ lasbrief uitgevoer kan word. Wat veral opvallend is, is dat die WBA (28 van 2011) die enigste wet is wat ŉ veiligheidsmaatreël bevat dat ŉ woonhuis of ŉ woonperseel nie sonder die toestemming van die bewoner betree mag word nie, behalwe daardie deel wat vir bedryfsdoeleindes gebruik word. Dit lyk dus of dit ŉ spesifieke poging is om die moontlike beperking op die reg tot privaatheid effens in te perk. Daar bestaan egter geen oortuiging dat die maatreël genoegsaam is om te voorkom dat

artikel 63 van die WBA (28 van 2011) ontbloot is vir aanvalle wat met grondwetlikheid verband hou nie.

Laastens is die grondwetlikheid van artikel 63 van die WBA (28 van 2011) oorweeg. Die Grondwet (1996) is die raamwerk waaraan alle wetgewing in Suid-Afrika moet voldoen. Die ondersoek het spesifieke klem geplaas op die Reg op Privaatheid, die algemene beginsels van die administratiefreg asook kenners se menings vir en teen die magte wat aan die SAID verleen word, ingevolge artikel 63 van die WBA (28 van 2011). Elkeen het die reg op privaatheid en ŉ skending van privaatheid sal plaasvind sodra persoonlike feite, waaroor die persoon ŉ privaatheidswil het, skielik in die openbare domein beskikbaar is. Voorts is daar bepaal dat ŉ persoon se reg op privaatheid slegs beperk kan word ingevolge ŉ algemeen geldende regsvoorskrif.

Daar is bepaal dat die SAID altyd op die minste indringende of beperkende wyse tersaaklike materiaal moet bekom, om nie onnodiglik inbreuk op die belastingbetaler se reg op privaatheid te maak nie. (Ferrucci and Others v Commissioner, South African Revenue Service and Another, 2002).

Verder het elkeen die reg op administratiewe optrede wat regmatig, redelik en prosedureel billik is en elkeen wie se regte nadelig geraak is deur administratiewe optrede het ŉ reg op skriftelike redes. Wanneer ŉ belastingbetaler se perseel deursoek word sonder ŉ lasbrief word sy regte nadelig geraak deur administratiewe optrede wat beteken dat die SAID skriftelike redes aan die belastingbetaler moet verskaf as ŉ perseel sonder ŉ lasbrief deursoek word ingevolge artikel 63 van die WBA (28 van 2011). Sou dit nie die geval wees nie, ontstaan daar ŉ saak van ongrondwetlikheid ingevolge artikel 33 van die Grondwet (1996).

Artikel 63 van die WBA (28 van 2011) laat beslis geteikende soektogte toe en die omvang van die soektogte is baie wyd gedefinieer in die sin dat tersaaklike materiaal enigiets kan insluit wat net moontlik verband kan hou met die beweerde misdryf. In die WBA (28 van 2011) is die opsie om ŉ perseel te deursoek sonder ŉ lasbrief die mees indringende wyse om inligting van ŉ belastingbetaler te bekom. Die SAID sal duidelik moet kan aantoon dat daar nie minder indringende of beperkende wyses was om die tersaaklike materiaal te kon bekom nie. Weens die feit dat onnodige drakoniese wyses om inligting te bekom, kan dui op ŉ oordadige mate van inbreuk op privaatheid.

Die SAID het aangevoer dat hul net in baie spesifieke omstandighede ’n deursoek en beslaglegging sal onderneem sonder ’n lasbrief. Alhoewel die onderneming deur die SAID goedbedoeld is, is daar tans nog te min voorbeelde om die implementering in die praktyk te kan beoordeel.

Nog meer navorsing kan in hierdie verband gedoen word om te bepaal hoe gereeld die SAID artikel 63 gebruik. Daar moet ook bepaal word of die veiligheidsmaatreëls soos uiteengesit in artikel 63 van die WBA nougeset nagekom word. Elke geval waar ’n senior SAID-amptenaar op die een of ander wyse sy magte misbruik behoort dit die argument vir geregtelike intervensie te versterk of die moontlike ongrondwetlikheid van artikel 63 van die WBA (28 van 2011).

BRONNELYS

Bovijn, S. 2011. Warranted and warrantless search and seizure in South African Income Tax law: The development, operation, constitutionality and remedies of a taxpayer. Stellenbosch: Stellenbosch University. [Dissertation – MCOMM (Taxation)].

Coetzee, K., Van der Zwan, P., Schutte, D. 2014. Taxation research study guide for TAXM 873 Faculty of economic and management sciences. Potchefstroom: North-West University, Potchefstroom Campus.

Croome, B. (2011, 11 August). Vital to balance taxpayers' rights against fiscal laws. http://www.ens.co.za/images/news/08_08_11%2001%2001lr0808LAW_AL_12.pdf Date of access: 24 April 2014.

De Vos, A.S., Delport, C.S.L., Fouche, C.B., Strydom, H., 2001. Research at grass roots: A primer for the social science and human professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik.

The Department of Justice and Constitutional Development. 2016. Legal and other related careers in the justice system. http://www.justice.gov.za/brochure/careers-in-justice.html Date of access: 30 March 2016.

Du Toit, E., De Jager, F.J., Paizes, A., St, Quintin Skeen, A., Van der Merwe, S. 2014. Commentary on the Criminal Procedure Act. RS 53. ch2:30F.

England. 1975. Anton Piller KG v Manufacturing Processes Limited and Others 1975 EWCA Civ 12.

Estate Agency Affairs Board. 2011. Inspections and investigations policy. https://www.eaab.org.za/article/inspections_and_investigations_policy Date of access: 30 March 2016.

Ensor, L. 2012. Lawyers for SARS say tax bill does not clash with constitution. *Business Day*, 6 Aug. http://www.bdlive.co.za/articles/2011/08/17/lawyers-for-sars-say-tax-bill-does-not-clash-with-constitution Date of access: 24 April 2014.

Handves van Menseregte van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. (1996). Staatskoerant. (No. 17678).

HAT: Handwoordeboek van die Afrikaanse taal. 2005. 5de uitg. Kaapstad: Pearson Education.

Hofsake ***kyk*** Suid-Afrika.

Joubert, J.J. (*Red.*) Geldenhuys, T., Swanepoel, J.P., Terblanche, S.S., Van der Merwe, S.E. 2011. Strafprosesreg handboek. 10de uitg. Claremont: Juta.

Legal Dictionary. 2016. Search-and-Seizure. http://legal-dictionary.thefreedictionary.com/Search+and+Seizure Date of access: 30 March 2016.

McKerchar, M. 2008. Philosophical paradigms, inquiry strategies and knowledge claims: Applying the principles of research design and conduct to taxation. *eJournal of Tax Research 5, 6*(1). Retrieved from http://www.austlii.edu.au/au/journals/eJlTaxR/*2008*/1.html.

Mokoena, T., Karels, M., Basdeo, V. & Swanepoel, J.P. 2012. Strafprosesreg werkboek. 1ste uitg. Claremont: Juta.

Nel, D.J. 2013. Vereistes vir visenteringslasbriewe ingevolge die Stafproseswet 51 van 1977. *NWU Studente regstydskrif*, 1:25-47. http://www.nwu.ac.za/webfm_send/88525 Datum van toegang: 29 Maart 2015.

Nasionale Tesourie ***kyk*** South Africa. National Treasury.

National Treasury ***see*** South Africa. National Treasury.

PwC (PricewaterhouseCoopers). 2012. Tax law review Tax Administration Act 28 of 2011. https://www.pwc.co.za/en/assets/pdf/tax-law-review-nov-2012.pdf Date of access: 6 April 2015.

Regs- en Handelsterme woordeboek. 2015. Domisilie. https://www-pharosonline-co-za.nwulib.nwu.ac.za/search Datum van toegang: 26 September 2015.

Regs- en Handelsterme woordeboek. 2015. Domicilium citandi et executandi. https://www-pharosonline-co-za.nwulib.nwu.ac.za/search Datum van toegang: 26 September 2015.

Regs- en Handelsterme woordeboek. 2015. Landdros. https://www-pharosonline-co-za.nwulib.nwu.ac.za/search Datum van toegang: 30 Maart 2016.

SAICA. 2014. Customs and excise: search and seizure provisions unconstitutional. *Integritax*, 175. https://www.saica.co.za/integritax/2014/2298._Search_and_seizure_provisions_unconstitutional.htm Date of access: 30 March 2016.

Saloojee, M., 2013. Does Sars invade your privacy? Moneyweb. https://www.moneyweb.co.za/moneyweb-tax/does-sars-invade-your-privacy Date of access: 24 April 2014.

SARS. 2013. Short guide to the Tax Administration Act, 2011 (act no. 28 of 2011). http://www.sars.gov.za/AllDocs/OpsDocs/Guides/LAPD-TAdm-G01%20-%20Short%20Guide%20to%20the%20Tax%20Administration%20Act%202011%20-%20External%20Guide.pdf Date of access: 30 March2016.

South Africa. National Treasury. 2005. Budget Review. Pretoria: Government Printing Works. (RP08/2005).

Suid-Afrika. 1962. Inkomstebelastingwet 58 van 1962.

Suid-Afrika. 1964. Doeane- en Aksynswet 91 van 1964.

Suid-Afrika. 1972. Cine Films (Pty) Ltd v Commissioner of Police 1972 (2) SA 254 (A).

Suid-Afrika. 1973. Ismael v Durban City Council 1973 (2) SA 362 (N).

Suid-Afrika. 1976. Wet op Eiendomsagentskapsaangeleenthede 112 van 1976.

Suid-Afrika. 1977. Strafproseswet 51 van 1977.

Suid-Afrika. 1995. Park-Ross v Director: Office for Serious Economic Offences 1995 2 SA 148 (K) 172.

Suid-Afrika. 1995. Shoba v Officer Commanding, Temporary Police Camp, Wagendrift Dam 1995 (4) SA 1 (A).

Suid-Afrika. 1996. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996.

Suid-Afrika. 1997. Wet op die Suid-Afrikaanse Inkomstediens 34 van 1997.

Suid-Afrika. 2000. Bevordering van Administratiewe Geregtigheidswet 3 van 2000.

Suid-Afrika. 2001. Noordwes Wet op Dobbelary 2 van 2001.

Suid-Afrika. 2001. Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum 38 van 2001.

Suid-Afrika. 2002. Ferrucci and Others v Commissioner, South African Revenue Service and Another 2002 (12) JTLR 404.

Suid-Afrika. 2006. Magajane v Chairperson, North West Gambling Board & Others 2006 JOL 17821 (CC).

Suid-Afrika. 2007. Goewermentskennisgewing, bedrag van belasting in geskil te bepaal vir doeleindes van appèl na ’n Belastingraad ingevolge artikel 83A van die Inkomstebelastigwet, 1962, en artikel 33A van die Belasting op Toegevoegde Waarde Wet, 1991. (Kennisgewing 271). *Staatskoerant*, 29742:3, 28 Maart.

Suid-Afrika. 2010. Van der Merwe & Others v Additional Magistrate, Cape Town & Others 2010 (1) SACR 470 (C) at [45].

Suid-Afrika. 2011. Minister for Safety and Security v Van Der Merwe 2011 (9) BCLR 961 (CC).

Suid-Afrika. 2011. Minister for Safety and Security v Van Der Merwe 2011 JOL 27344 (CC).

Suid-Afrika. 2011. Wet op belastingadministrasie 28 van 2011.

Suid-Afrika. 2012. Vasstelling van datums waarop sekere bepalings van die Wet op Belastingadministrasie, 2011 (Wet no. 28 van 2011) in werking moet tree, 2012. (Kennisgewing 51). *Staatskoerant*, 35687:5, 14 Sept.

Staatskoerant ***kyk*** Suid-Afrika.

Suid-Afrika. 2013. Gaertner and Others v Minister of Finance and Others 2013 (4) SA 87 (WCC).

Suid-Afrika. 2013. P Gaertner and Others v SARS and Others 2013 (56/13) ZACC 38 (CC).

Suid-Afrika. 2013. Auction Alliance (Pty) Ltd v Estate Agency Affairs Board and Others [2013] ZAWCHC 92.

Suid-Afrika. 2014. Estate agency affairs board v Auction Alliance (Pty) Ltd 2014 (94/13) ZACC 3 (CC).

Van Velden-Duffey. 2015. Wat is ’n Anton Piller-bevel? http://www.vvd.co.za/index.php?option=com_content&view=article&id=200:wat-is-n-anton-piller-bevel-&catid=90&Itemid=477 Datum van toegang: 12 April 2015.

WAT: woordeboek van die Afrikaanse taal. 2015. Eienaar. http://www.woordeboek.co.za.nwulib.nwu.ac.za/ Datum van toegang: 26 September 2015.

WAT: woordeboek van die Afrikaanse taal. 2015. Domisilie. http://www.woordeboek.co.za.nwulib.nwu.ac.za/ Datum van toegang: 26 September 2015.

Wette ***kyk*** Suid-Afrika.